

die Wapad

Jaargang XVI

WOENSDAG, 3 MEI 1961


Nr. 3

OFFISIELE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

EERSTE MINISTER WAARSKU TEEN DIE VOORBARIGE WOORD

DIT IS EEN VAN DIE TAKE VAN DIE UNIVERSITEIT OM 'N BEHOORLIKE BALANS TUSSEN EMOSIE EN VERSTAND, TUSSEN KRITIEKLUSTIGHEID EN DAADLUSTIGHEID TE HELP SKEP, HET DIE EERSTE MINISTER, DR. H. F. VERWOERD SATERDAG VERKLAAR TOE 'N ERE-DOKTORSGRAAD IN DIE REGTE AAN HOM TOEGEKEN IS.

Dr. Verwoerd het 'n beroep op geleerdes gedoen om te besin voordat hulle in die openbaar uitspraak oor volksvraagstukke gee. Die daad en die woord is albei nodig, maar albei op die regte plek en op die regte tyd. Die daad kan die woord ook voorafgaan, het hy gesê.



Die Eerste Minister, Dr. H. F. Verwoerd, ontvang 'n Pukkie van een van die redaksielede, mej. Erina van der Walt. Die oorhandiging het plaasgevind by 'n ont-haal by die kafeteria na afloop van die gradeplegtig-heid verlede Saterdag.

Die opvatting dat geleerdes die enigste mense is wat vooruit dink, is verkeerd, het dr. Verwoerd vervolgd. „Die leiers van 'n volk wat denke in dae omskep, het dikwels reeds verder gedink en hul planne in meer besonderhede oorweeg.”

ONDERVINDING

Akadiese deskundiges is nie die enigste denkers nie—daar is ook mense wat hul kundigheid in die leerskool van ondervinding opdoen. Nie alle leiers deel die vryheid om te alle tye te sê en te dink wat hulle wil nie. Die voorbarige woord het die Afrikanervolk in die verlede reeds veel skade berokken.

Hierdeur is hoogs wenslike daad in die verlede al onmoontlik gemaak.

'n Universiteit is 'n volk se belegging vir die toekoms en 'n Universiteit moet leiers vir die toekoms kweek, het dr. Verwoerd verklaar.

BESONDERE TAAK

'n Besondere taak rus op die Universiteit van ons tyd. Suid-Afrika staan aan die vooraand van 'n nuwe tydperk en die wêreld as sodanig ondergaan veranderinge. Die blanke en die Westerse beskawing staan op die grens van die eeue.

Denkers en navorsers van hierdie eeu en die wat volg, sal beslis of die Westerse beskawing sy plek in die wêreld sal behou.

„In ons eie volkslewe sal dit van ons geestelike toerusting afhang. In die wêreld word dit reeds besef dat die min teen die groot getalle is.

Die min wat ons beskawing verteenwoordig, moet bewapen word om die beskawing in stand te hou.

„Die kundigheid van die min sal beslissend wees. Die wapenrusting van die gees sal die oorwinning bring.”

STOFLIKE

Ten opsigte van die stoflike voortbestaan het dr. Verwoerd gesê: „Ons plunder die bodem van sy vrugbaarheid, van sy metale, van sy brandstofvoorrade. In die volgende vyftig jaar sal die huidige bekende kragbronne van die wêreld miskien reeds uitgeput wees. Plaasvervangers sal gevind moet word.

„Oneindige ontdekkings wag op die wetenskap. Op die wetenskap wag ook die oorwinning van die reg oor die verkeerde, van die mooie oor die lelike.

„Kennis moet vermeerder en die denke van geleerdes en wetenskaplikes moet verdiep.”

REGTE TYD

Wanneer uitsprake gedoen word, moet gewag word vir die regte geleentheid.

Soms word uitsprake gedoen wanneer die tyd en die volk nog nie ryp is nie, want altyd moet in gedagte gehou word dat die woord wat gespreek word, ook in die praktyk uitgevoer moet kan word.—(Eie berig.)

KONFERENSIE IN DURBAN

Vier Pukke is deur die Studenteraad afgevaardig om ek. Vrydag en Saterdag 'n konferensie van Studenterrade in Durban by te woon.

Die konferensie is byeengeroep deur die Durbanse afdeling van die Natsale Universiteit.

Verteenwoordigers van Pietermaritzburg, Ngoya, die Indiër Kollege in Durban, en U.O.V.S. is ook na die konferensie uitgenooi.

Sake van gemeenskaplike studentebelang sal bespreek wrd, nl. inlywing, jool, die verhouding tussen studente en dosente, kafeteria, studentepublikasies, biblioteke, ens.

Die versekering is deur die Durbanse Studenteraad gelewer dat geen sake op studentepolitieke terrein te berde gebring sal word nie.

● Die Puk se afgevaardigdes is mnr. J. J. de Wet Krüger, P. R. P. Potgieter, J. M. Els en D. Herbst.—(Eie berig)

Rektor Skets 'niversiteit Se Reuse Groei

DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT het sedert sy selfstandigwording in Maart 1951 met rasse skrede op alle terreine vooruitgegaan, het die rektor, prof. J. Chris Coetzee, Saterdag tydens die gradeplegtigheid gesê.



Prof. J. Chris Coetzee.

In hierdie tydperk van tien jaar is 2,606 grade toegeken waarvan 75 doktorsgrade, 228 magistergrade, 625 nagraadse B-grade en 1,768 eerste B-grade. Ses-en-dertig persent van hierdie grade is nagraadse grade.

Die studentetal het in die tydperk verdubbel van 862 in 1951 tot 1,876 vanjaar en die doserende personeel het gestyg van 73 tot 172 vanjaar van wie 42 deelyds is.

VERDIEPING

Prof. Coetzee het verklaar dat die doel van die Universiteit nie is om te verbreed nie, maar om te verdiep. Daarom het die aantal departemente met slegs vier tot 49 vermeerder. Tans beskik die Universiteit egter oor vier navorsingsinstitute teenoor die een van 1951.

Die biblioteek van die Universiteit is in 1949 geheel deur 'n brand verwoes. Tien jaar gelede was daar egter reeds weer 43,000 bande beskikbaar en 666 lopende tydskrifte. Sedertdien is die voorraad met bykans 10,000 bande elke jaar uitgebrei sodat die totaal aan die einde van 1960 op 142,000 gestel is. Die Universiteit ontvang tans 2,075 lopende tydskrifte.

HONDERDE JAAR

„Die Universiteit beskik oor genoeg grond vir uitbreiding vir honderde jare,” het prof. Coetzee gesê. Die 60 morge wat die Universiteit in 1951 binne die dorpsgebied besit het, het intussen uitgebrei tot 72 morge, danksy hoofsaaklik skenkings van die stadsraad.

Met die hulp van owerheidsteun het die Universiteit 'n plaas van 288 morg aangekoop terwyl 'n plaas van 3,160 morg in die distrik Ventersdorp deur die staat aan die Universiteit geskenk is.

In die tien jaar het die Universiteit nuwe geboue ten bedrae van R1,500,000 opgerig en het die batcs tot R2,132,000 gestyg.—(Eie berig.)

Rekordbedrag Ingevorder

'n Eerstejaarstudent, Gerda Loots, het 'n pragtige prestasie op die gebied van geldinsameling gelewer.

Een van die kollektelyste vir Vreugdedag het 'n bedrag van R153 (£76/10/-) getoon. Dit is 'n rekordbedrag vir een persoon!—(Eie berig.)

Vreugdedag Moet Vanjaar Alle Rekords Oortref

VREUGDEDAG, wat op 20 Mei op Potchefstroom gehou word, belooft om alle perke van die verlede te oorskry. Na van die voorsitter van die Vreugdedagkomitee, mnr. Cassie van der Walt, verneem word, beoog die komitee somer groot dinge vir vanjaar.

Die kollektelyste het reeds 'n bedrag van R2,336 (£1,168) opgelewer, maar daar is nog sowat 'n honderd lyste uitstaande. Van die Studenteraad is ook reeds verlof gevra vir die gebruik van die Combiten einde voor Vreugdedag op ander dorpe by besighede te kollekteer.

Die tema vir die vlotte is „Titels en Liedere” en dit belooft om 'n groot verrassing op te lewer. Pryse word uitgelooft vir die besafgewerkte vlot en vir die oorspronklikste individuele kostuum. Met begeleiding van 'n gekombi-

neerde blaas- en kadetorkes, sal Vreugdedag voorwaar 'n vreugde wees. Die sierwabouery begin reeds Vrydagoggend 19 Mei op die oop terrein agter die Fisikallaboratorium. Reeds van vroeg die middag is daar 'n kermis gereël om lafenis aan harde werkers en moeë toeskouers te verskaf.

Aangesien die grootste deel van die opbrengs van Vreugdedag vir liefdadigheid aangewend word, word almal se gulhartige steun gevra.—(Eie berig.)

A.S.B. TREE TOT INTERNASIONALE TERREIN TOE

MNR. H. J. D. VAN DER WALT, President van die A.S.B., het op die openingsaand van die sitting van die Beleidsraad in Pretoria verklaar dat die samesnoering van alle Afrikaner studente binne die geleedere van die A.S.B. met daadwerklike optrede die ideaal en taak van die A.S.B. sal bestendig en uitbou.

Mnr. van der Walt het 'n hand van vriendskap aan Nusas gereik. Daar is baie terreine van gemeenskaplike belang waarop Afrikaans- en Engelssprekende studente kan saamwerk. Samewerking beteken egter nooit die opheffing van beginsels of saamloop sonder 'n doel nie. Vir die voortbestaan van die blanke in S.A. is samewerking en weersydse begrip noodsaaklik. Daar kan egter nie aan eise teenstrydig aan die A.S.B. se beginsels tegegee word nie.

Mnr. Van der Walt het voorts verklaar dat toekomstige studentesamewerkinge die rigting lê van 'n drie-bonde beleid. Dit is noodsaaklik dat 'n Afrikaanstalige, 'n Engeltalige en Bantoesudentebond in die lewe geroep moet word.

Daar word op konfederatiewe grondslag samesprekings gehou oor sake van gemeenskaplike belang terwyl elke groep met behoud van sy eie identiteit en kultuur self oor teer en innige sake besluit.

„Die internasionale studentepolitiek word net soos die breëre internasionale politiek gekenmerk deur 'n vryery na die guns van die swartman in Afrika en Asië,” het mnr. Van der Walt gesê. In hierdie gunssoekery werk die Ooste en Weste teen mekaar.

INDOKTRINASIE

Mnr. Van der Walt het voorts gewys op vorms van politieke indoktrinasie deur Rusland op studente uit ander lande in die Sowjet-Unie. „Ek wil die bewering maak dat ook die studente uit Afrika wat na die V.S.A. en ander Westerse lande gaan, geïndoktrineer word—miskien nie met 'n spesifieke politieke beleid nie, maar dan met die humanistiese verklaring van menseregte wat, gesien in die lig van die houding van die Westerse wêreld, in hierdie stadium niks goeds vir Suid-Afrika kan inhou nie.


Hoewel die internasionale platform vir die Afrikanerstudent gesluit is, bestaan daar heelwat aanknopingspunte in stamlande en selfs in Brittanje waar die A.S.B. met vrug kan arbeid. Die A.S.B. moet egter ook daadwerklik beplan om nie net in Europa en Amerika sy roeping te vervul nie, maar ook in die studentegeleedere van Afrika self.

Mnr. Van der Walt het 'n beroep

gedoen op alle A.S.B. sentra om saam met die Hoofbestuur alles in hul vermoë te doen vir die vlotte organisasie van die A.S.B. om fondse te bekom. Alleen dan kan besluit word op metodes van bearbeiding van die buiteland en van Afrika op moontlike religieuse grondslae, individuele kontakte of volkstroutere.

Die Afrikaner student is deel van die groot wêreld van vandag maar hy durf vir geen oomblik sy volkseie, sy morele opvattinge, kultuur en godsdienste ter wille van internasionale druk prysgee nie, het mnr. Van der Walt gesê.

Hierna het mnr. H. D. K. van der Merwe, Onderpresident van die



Mnr. H. J. D. van der Walt.

A.S.B., S.A. se huidige internasionale posisie geskets. Mnr. Van der Merwe het verklaar dat ernstige besinning en verantwoordelikheid vir die Afrikaner student oor die wêreld waarin hy lewe en die magte wat hom bedreig, dringend noodsaaklik is.

UITDAGING

Die Afrikanerstudent moet beseft dat groot eise aan hom gestel sal word en opofferings gevra sal word. Vir die voortbestaan van die blanke beskawing mag hy geen

oomblik terugdeins of huiwer vir die uitdaginge aan hom gestel nie.

Die Sekretaris van die A.S.B., mnr. D. A. S. Herbst, het voorts gewys op die taak van die Afrikanerstudent en verklaar dat hy geestelik tred moet hou met die tegniese ontwikkelinge in die wêreld. Kennis en studie is die sleutel vir die handhawing van die Christelik-Westerse beskawing.

● Die Afrikanerstudent mag nie in isolasie of fatalistiese selfbejammering vervall nie, maar moet die lewels van Suid-Afrika stewig in sy hande neem en die toekomst met geloof binnegaan, het hy gesê.—(Eie berig.)

A.S.B.-KUNSFEESE BIED GELEENTHEDE

DEUR GESKIKTE KEUSE VAN DIE DATUM vir die A.S.B.-kunsfees gedurende die wintervakansie sal dit vir die eerste maal sedert die eerste byeenkoms in 1952, deur studente van AL die Afrikaanse hoër opvoedkundige inrigtings bygewoon kan word. Die kunsfees vind in Bloemfontein plaas tussen 15 en 22 Julie en die organiseerders hoop op 'n groter opset as ooit tevore.

PRESTIGE

Soos die direkteur vir volks- en kulturele aangeleenthede van die hoofbestuur dit in sy omsendbrief aan die A.S.B.-takke beklemtoon, is hierdie byeenkoms die een geleentheid waarop elke inrigting kan wys waartoe sy studente in staat is, en watter standaard daar gehandhaaf word. Gevolglik rus daar 'n groot verantwoordelikheid op elke persoon wat sy universiteit op enige wyse kan verteenwoordig—want 'n tekort aan inskrywings mag die indruk skep van gebrek aan talent.

Die reëlboekie wat die hele kunsfees dek, gee meer inligting oor die wyse van kompetisie in die volgende gebiede:

Uitstalling van beeldende kunste;
Uitstalling van fotografie;
Dramakompetisie;
Voordrag;
Volkspele;
Redenaarskompetisie;
Letterkunde;
Koorkompetisie;
Kwartet en duet;
Solosang;
Instrumentaal;
Boere-orkeste;
Skaakkompetisie.

Van bogenoemde afdelings word sommige gelukkig gehanteer deur

onderafdelings van die A.B.K.K., waar die verantwoordelikheid rus op die betrokke besture.

Ongelukkig is daar bv. in die bevalle van musiek (afgesien van boere-orkeste), voordrag, fotografie en beeldende kunste, geen koördineerde bestuur nie, met die gevolg dat die inisiatief van die individu moet kom. (Die plaaslike kunsfees help gelukkig in hierdie verband.)

Wat beeldende kunste en fotografie betref, moet die tegniek en begrip ook nog deur die kunstenaar self aangekweek word. Hierin het ons dus 'n agterstand by ander universiteite wat oor kunstdepartemente beskik. Hierdie agterstand bestaan egter nie in die geval van sang en instrumentale musiek nie. Daarom was dit teneer teleurstellend dat daar in die verlede so min (voltydse) musikstudente opgetree het. Verlede jaar bv., het die meeste belangstelling gekom van persone wat musiek bloot vir die plesier beoefen.

LIGTE MUSIEK

Wat ligte musiek betref, word alleen geleentheid gebied aan boere-orkeste, wat m.i. jammer is, aangesien (goeie?) jazz-groepe by sommige ander universiteite bestaan, en nou nie gehoor sal kan word nie. Daar kan wel geopper word dat dit 'n poging is om Afrikaanse musiek te bevorder, maar hoe Afrikaans is sommige musiek wat as boeremusiek aangebied word?

Verder word alleen sekere instrumente in hierdie afdeling toegelaat (nl. dié wat in 'n konvensionele boere-orkeste gebruik word). Kan ons Afrikaanse melodieë nie mooier deur 'n blaas- of stryksensemble uitgevoer word nie? (Dit is tog teenstrydig dat die Afrikaanse kultuur mag ontwikkel, en bv. skrywers, skilders en komponiste toegelaat word om 'n moderne medium te gebruik, terwyl Afrikaanse ligte musiek geen ontwikkeling of nuwe medium gegun word nie.)

EIE KEUSE

Opvallend is die groot mate van vryheid wat die deelnemers in die meeste afdelings gegun word (bv. instrumentale musiek en fotografie) wat 'n groot aanmoediging is vir voornemende deelnemers. Dit is inderdaad die geheelindruk om soveel as moontlik belangstelling te wek.

● Dit is van belang vir die prestige van ons Universiteit dat ons goed verteenwoordig word.—J.M.

Studentevaria Slaan Nuwe Rigting In

MNR. FRIKKIE KRAAMWINKEL, die programleier van die gereelde studenteprogram Studentevaria wat Woensdagaande om 10.15 oor die Afrikaanse program van die S.A.U.K. uitgesaai word, beoog vanjaar 'n lewendige en interessante program wat uitsluitlik vir die genot van studente bedoel is.

Afgesien van 'n gereelde wedstrydprogram wat weekliks aangebied word, gaan mnr. Kraamwinkel vanjaar verder en stel 'n wedstryd in waarin al die universiteite en kolleges kan deelneem. Aan die verskillende inrigtings wat deelneem, word punte toegeken volgens die aantal studente wat vir elke wedstryd inskryf.

TOEKENNING

Die puntetoekenning geskied volgens die basis van die studentetalle

van die betrokke inrigting en dus sal die inrigtings almal 'n ewe groot kans hê om aan die volgende wedstryd deel te neem.

Aan die einde van elke ses maande sal die Universiteit of Kollege wat die meeste en tweede meeste punte verwerf het, in 'n vasvra teen mekaar te staan kom wat sal handel oor die veld wat in die wedstrydvrage gedek is. Die deelnemers sal gekies word uit die studente wat die gereeldeste deelneem. Op die wettende span wag daar 'n prysgeld van R30.

Pukke, hier kan ons die naam van ons Universiteit hooghou deur gesonde kompetisie met ons kollegas. Laat die inskrywings rol.

STUDENTEBRIL

Daar is nog 'n verdere rubriek wat twee keer per maand plaasvind, nl. „Deur die Studentebril”. Hier kan studente hul menings uitspreek oor sake van aktuele belang. Die onderwerp van bespreking word in die program bekend gemaak en dan word 'n prysgeld van R10 aangebied vir die interessantste mening.

Die program gaan nie meer soos in die verlede hoofsaaklik 'n versoekprogram wees nie en versoekte sal slegs tot vakansies beperk word.

Die program word nou gewy aan studentenuus van elke inrigting, die studentenuusblaai se redaksionele artikels en daar sal geleentheid wees vir meer studentekunstenaars om tydens die program op te tree.

Individuele items van verskillende studente word aangebied sodat die hele program nie meer soos in die verlede deur een inrigting in beslag geneem sal word nie.

Geleentheid word ook gebied aan promovendi en professore om die studente kortliks oor die eter toe te spreek oor hul navorsing of verhandelinge. Nuwe rigtings in 'n bepaalde vakgebied kan ook langs hierdie weg toegelig word asook publikasies wat reeds daarvoor verskyn het, bekendgemaak word sodat studente met vrug daarvan kan kennis neem.

Mnr. Piet Venter is deur die Studenteraad benoem om Studentevaria se belange op die Puk te behartig. Wenke aangaande Studentevaria kan aan mnr. Venter oorgedra word en hy sal dit aan mnr. Kraamwinkel stel. Die betrokke persone verwelkom gedagtes in hierdie verband.

● Met so 'n interessante program vir die jaar voor ons, sal die radio's Woensdagaande sekerlik toegepak wees van Pukke.—(Eie berig.)

Redenaars Kry Kous Oor Kop

Twee Pukredenaars het Saterdag-aand tydens 'n tussenuniversitêre debat teen Pietermaritzburg die kous oor die kop gekry.

Die Pietermaritzburgers—mnr. John Lloyd en Neels Coetzee—het gestel dat daar beslis plek vir kuns in die hedendaagse wêreld van wetenskaplike ontdekkinge is.

Die Pukke—mnr. Dirk Herbst en Jan Boneschans—moes hierdie onderwerp—teen hul beterswete in!—teenstaan.—(Eie berig.)

TRANSVALIA MEUBELS BPK.

KERKSTRAAT 180
TELEFOON 2157
POTCHEFSTROOM

BESOEK ONS
VIR
VRIENDELIKE DIENS
EN
MEUBELS
VAN
GOEIE GEHALTE

„Ons Meubels word Erfstukke”

Lepisma Saccharinum Es?

Is u 'n Boekwurm? . . .

KOM KRY U VOEDSEL DAN BY ONS —

Pro-Rege Pers Beperk

„DIË POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL”

KERKSTRAAT 91-95

TEL. 1164 en 437

BORCHERDSTRAAT

TELEFOON 3431

POTCHEFSTROOM

A.S.B. Staans Rotsvas agter Regering

„DIE BELEIDSRAAD van die A.S.B. sê sy volmondige steun toe aan die Regering van Suid-Afrika t.o.v. die terugtrekking van lidmaatskap uit die Statebond. Die Raad aanvaar ten volle die verantwoordelikheid en opoffering in hierdie verband aan die Afrikaanse jeug opgelê is,” lui ’n verklaring wat Saterdagmiddag deur die sekretaris van die Hoofbestuur, mnr. D. A. S. Herbst, vrygestel is.

Die A.S.B. verteenwoordig tans sowat 18.000 studente van Afrikaanse hoër opvoedkundige inrigtings in S.A.

Die verklaring lui voorts:

„Die Raad verklaar dat parallelle ontwikkeling die enigste vreedsame en regverdigte oplossing vir Suid-Afrika se ingewikkelde rassevraagstukke bied en belooft volle steun aan alle instansies wat hul beywer vir die verwesenliking van die beleid.

ROTSVAS

„Die Raad staans rotsvas agter die Regering indien hy die beleid van afsonderlike ontwikkeling vinniger wil uitvoer.

„Die Raad neem met waardering kennis van die stappe wat verskillende inrigtings vir hoër onderwys reeds gedoen het t.o.v. die uitvoering van selfwerkzaamheid deur blanke studente. Aan geaffilieerde sentra van die A.S.B. is opdrag gegee om moontlike toe-

steun toe aan die immigrasiebeleid van die Regering. A.S.B.-sentra sal alle pogings in die werk stel om met die immigrante in aanraking te kom en hul behulpsaam wees met kulturele aanpassingsprobleme.

FONDSE


„Takke is versoek om alle pogings in die werk te stel om die A.S.B. se finansiële posisie te verbeter ten einde die organisasie van die Bond in hoogste rat te laat verloop.

„Die Raad, ten volle bewus van die huidige lands en internasionale vraagstukke, het vergader ter einde die A.S.B. se bedrywighede vinnig en meer doeltreffend toe te pas. Wat die buiteland betref, wil hy daadwerklik skouer aan die wiel sit en alle steun bied aan instansies wat Suid-Afrika se goeie naam in stand hou.

„Kenmerkend van die vergadering was die ernstige besef van en besin-

ning op akuele probleme van die tyd en ’n doelbewuste daadwerklike strewe om ’n hegte eenheidsoptrede onder Afrikaanse studente te smee.”

—(Eie berig.)



Mnr. P. R. P. Potgieter, waarnemer by die Beleidsraad.

STUDENTE-HANDBOEKEKSAMEN:

Eerstejaars Goed Voorberei

Die jaarlikse Studente-handboekeksamen is vanjaar op 22 April in die hoofgebou van die Universiteit afgeneem. ’n Groot getal eerstejaarstudente het by hierdie geleentheid ’n aanslag op hulle kleurpunt gemaak.

Na weke van intensiewe voorbereiding was die algemene gevoel

onder die eerstejaars dat die vraestel, wat deur mnr. Jan Boneschans en Piet Bingle versorg is, as „redelik” bestempel kan word.

• Daar sal gepoog word om die uitslae voor volgende maand beskikbaar te stel.—(Eie berig.)

PUKKE NA WITS

Mnr. P. R. P. Potgieter en Jan Boneschans is gisteraand deur die Studenteraad afgevaardig om op 13 Mei ’n konferensie in Johannesburg by te woon.

Algemene studentesake sal bespreek word.

Mnr. J. J. de Wet Krüger, leier van die P.U.-afvaardiging.

[Foto: Fotokuns.

komstige uitbreidingsplanne te ondersoek en op die volgende A.S.B.-kongres verslag te doen. „Voorts sê die Raad sy volle

TAAK VAN DIE JEUG IN REPUBLIEK

„SOLANK DAAR NOG ’N TAAK IS, kan dit met ons eie krag en met hulp van Bo uitgevoer word.” Met hierdie woorde het Veggengeraal R. C. Hiemstra, adjunk Kommandant-generaal van die Unie se weermag, die jeug van Suid-Afrika aangespoor om die uitdaging van ons tyd met geesdrif te aanvaar, toe hy die plaaslike A.S.B.-tak op Woensdagaand 26 April toegesprek het.

Die jeug moet nie ontmoedig word deur persone wat die taak wat wag as onmoontlik sien nie. Oortuiging en moed wat van die jeug uitgaan moet aansteeklik wees om minder geesdriftiges op te wek.

Kommandant J. S. du Plessis het veggengeraal Hiemstra aan die gehoor voorgestel en het gesê dat genl. Hiemstra nie net ’n militaris is nie maar ook ’n militêre denker. In tye wat daar vir die Afrikaner nie plek in die weermag was nie, het genl. Hiemstra as rotsvaste Afrikaner gestaan. Hy was dan ook een van die stigterslede van die Afrikaanse Taal en Kultuur Vereniging Volk en Verdediging.

Genl. Hiemstra het gesê dat die voortbestaan van enige volk afhanklik is van sy optrede op enige terrein en wou daarom die taak van die jeug in die Republiek van Suid-Afrika skets. Ons is nie slawe van ons omstandighede nie maar moet dit vorm na onself. Dit het die beheersing van die natuur met die wetenskap ontwikkeling bewys.

Hierna het genl. Hiemstra kortliks die probleme aangetoon wat vir die huidige en die toekoms opgelos moet word. Die aanwassing van die blanke bevolking is op die oomblik onbevredigend. Die inkomste van die land moet verhoog word, waardeur die produktiwiteit van die blankes sowel as nie-blankes sal moet toeneem. Ontwikkeling van die Bantoegebiede sal groot verpligtinge meebring.

UITDAGING

Ons toekoms sal bepaal word deur die kwaliteit en getalsterkte van ons landsburgers, het genl. Hiemstra

gesê. Hierdie uitdaging moet dien as ’n spoorslag vir die nasie wat nog jonk is in sy hart, met die bewuste wete dat solank as daar nog ’n taak is, dit met ons eie krag en met hulp van Bo uitgevoer kan word.

Met die Republiek word ons taak vir ons duidelik uitgestippel. Die jeug van Suid-Afrika moet besef dat om te lewe beteken om ’n taak te hê en ’n stryd te stry. Ons taak is om ’n nasie te bou en te streef na groter en beter eenheid in ons volk.

NASIONALISME

Nasionalisme is eksklusief en weer af. Die Republiek is nou bereik en nuwe wêreld moet verower word. Die geskiedenis het geleer dat as die drang na uitbouing verval, die volk verval. ’n Twee ledigheidsstewe moet ons in die toekoms lei: ’n gemeenskaplike roem in die verlede waaruit inspirasie geput moet word en ’n gemeenskaplike stewe na groter eenheid. Hieraan moet albei taalgroepe deel hê. Ons nasionalisme moet dus verbreed. Die Bantoebevolking moet ook hierdie stewe hê —die stewe na ’n nasionale staat.

Vir die bereiking van ons ideaal is orde en rus ’n voorvereiste, het genl. Hiemstra gesê. Ons ganse volk moet hom egter daarop toelê om slaggeerd te wees en in kalnte moet ons gereed maak om die gevaar af te weer. Die jeug moet hierdie uitdaging van ons tyd met geesdrif aanvaar.

Geen volk kan egter sterk wees sonder geloof nie. Daarom moet ons op 31 Mei die taak met geloof aanpak, en dan sal dit met ons volk en met ons nasie wel wees.

• By dieselfde geleentheid het die plaaslike A.S.B.-tak takbesoek ontvang deur drie lede van die Hoofbestuur van die uniale A.S.B., t.w. mnr. H. J. D. van der Walt, president van die A.S.B., Daan van der Merwe, onder-president, en Christie Kuhn, organiseerder. —(Eie berig.)

Korrespondent Vir Studentevaria

Mnr. I. J. Lessing, nuusredakteur van Die Wapad, is deur die redaksie aangewys as korrespondent vir Studentevaria.

Mnr. Lessing versorg alle berigte vir die radioprogram en studente wat wetenskaplike oordele oor die eter wil laat klink, word gevra om met hom in verbinding te tree.—(Eie berig.)

Toer Saam Met Die A.S.B. Na Europa vir R670

DIE DIREKTEUR van die Departement Toere van die A.S.B., mnr. Pieter Joubert, stel vanjaar weer ’n aangename toer deur Engeland en Europa gedurende die somervakansie in vooruitsig. Die toer word spesiaal georganiseer vir studente wat aan die A.S.B. behoort.

Die toergroep gaan per boot na Engeland en daarvandaan word die volgende lande besoek: Nederland, België, Frankryk, Italië, Switserland, Oostenryk, Luxemborg en Duitsland.

Die toer duur van 15 Desember 1961 tot 22 Februarie 1962 wanneer die studente weer aan wal stap in Suid-Afrika.

Hoogtepunte wat in vooruitsig gestel word, is die toer per luukse bus deur Europa waardeur die toergroep dan in staat gestel word om die pragtige Europese natuurtonele te besigtig.

WINTERSPORT

Vir Suid-Afrikaanse studente wat gewoon is aan ’n betreklike warm winter, sal die vier dae wat by Steinbach deurgebring word ’n ware ondervinding wees want hier kan hul kennis maak met wintersport in Europa.

Die Blou Grot by die romantiese Capri en die Jungfrauoch in Switserland is twee van die aantreklike besienswaardighede wat die toergroep sal besoek.

Vir die studente wat meer in die ryke Europese kultuur belangstel, is

daar ook voorsiening gemaak deurdat hulle in staat gestel sal word om operas te besoek.


FOTOGRAFIE

Die toer sal ’n ware paradys wees vir amateurfotograwe aangesien hulle volle geleentheid sal kry om kunstenaarstalent te toon.

Die koste aan die toer verbonde vergelyk skraal met die rykdom van kultuur en agtergrond waarmee die toerlede na die toer sal terugkom. Dit bedra R670.

• Navrae kan gerig word aan: Mnr. Piet Joubert, Direkteur vir Toere, Studenteraadskantoor, Universiteit van Pretoria, Pretoria.—(Eie berig.)

Sterkte!



Lion Export Ale

W. LINDEQUE

’N SKOENSPESIALIS VAN FAAM!

KERKSTRAAT 64

TELEFOON 1280

Ook ’n tak binne u bereik, in

Joubert se Fiets- en Elektriese Dienste

S P E S I A L E P R Y S E V I R S T U D E N T E

Ons waarborg Tevredenheid . . .
Kom na

**HETTIE SE
HAARKAPSTERSALON**
Onder persoonlike toesig
H/v Tom- en Von Wielligstraat
Telefoon 3054 Potchefstroom

UNIE-BAKKERYE
—Bakkers en Banketbakkers—

BROOD, KOEK EN
PASTEITJIES
vir alle geleenthede

★

Spesialiseer in
TROU-, VERJAARDAG- EN
DOOPKOEKE

Fabriëke te Potch. en Klerksdorp

**DIE BULT
DROOGSKOONMAKERS**
(EDMS.) BPK.

Vir Vinnige en Deeglike Diens
Tomstraat 90 Telefoon 2237

**„Same Day“
Droogskoon-
makers**

Kerkstraat 196A

Vir Hoflikheid en Vinnige Diens

ALLEENLIK VIR BLANKES

BULT GARAGE
(Edms.) Bpk.

H/v Tom- en Von Wiell'ghstraat
POTCHEFSTROOM

vir

SMERING, PETROL, OLIE,
REPARASIES en ander be-
nodigdhede

KOM NA

**ASTRA
MILK BAR**

DIT SAL N PLESIER WEES
OM U TE BEDIEN

KERKSTRAAT 132 TEL. 477
POTCHEFSTROOM

**Die Arcadia
Haarkapper**

Vier gekwalifiseerde haarkap-
pers tot u diens

„NETHEID EN KWALITEIT-
WERK“ IS ONS LEUSE

KERKSTRAAT 77 TEL. 1269
POTCHEFSTROOM

Doyle & Pretorius
DIE ELEKTRIESE
WINKEL

vir u

ELEKTRIESE INSTALLASIES,
REPARASIES en ELEKTRIESE
BENODIGDHEDE

Telefoon 3168 Kerkstraat 83

die Wapad

Ons Universiteit na Tien Jaar

„N MERKWAARDIGE EN gedenkwaardige dag in die geskiedenis van die P.U.K. vir C.H.O. is 17 Maart 1951. Ons kollege het inderdaad mondig geword en die status van Universiteit verwerf met die naam van Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.“

Hierdie woorde is deur die destydse rektor van die P.U.K., prof. F. Postma, in 'n gedenkprogram met die selfstandigwordingsfees in 1951 uitgespreek.

Wanneer hierdie afgelope tien jaar vergelyk word met die feit dat sekere Europese universiteite al meer as sewe eue lank bestaan, is dit duidelik dat die P.U. nog maar 'n kind van gister is.

Al mag hy egter slegs 'n kind wees, het hy in die bestek van sy bestaan reeds vir veral die Afrikaanse deel van die Suid-Afrikaanse bevolking veel beteken.

In 'n land waar daar twee tale en twee kulture is, is dit vanselfsprekend dat 'n universiteit hoofsaaklik vir die een bevolkingsgroep bedoei sal wees. Die Universiteit Witwatersrand het byvoorbeeld onomwonde verkies om in die eerste plek 'n inrigting vir die Engelssprekende te word. Dit was sy goeie reg en nooit is daarteen beswaar gemaak nie.

MOSTERDSAAD

Die ontwikkelingsgeskiedenis van die P.U. is in sekere opsigte 'n Suid-Afrikaanse voorbeeld van die gelykenis van die mosterdsaad, want meer beskeie kon die begin nie gewees het nie. Sels in 1951 was hier nog nie 1,000 studente nie; in 1961 is die 2,000-kerf reeds in sig.

Dit het 'n inrigting geword waarin die polsslag van die volkslewe gewaar word. Hier word die jeug voorberei om nie net kennis te versamel nie, maar ook om toekomstige leiers van hul volk te word.

Saam met die ander Afrikaanse universiteite is die P.U. 'n brandpunt van Afrikaanse taal en kultuur.

Verskeie persone van naam het al verklaar dat die Westerse beskawing en kultuur alleen genandhaaf sal kan bly indien dit op die gebied van die wetenskap die leiding behou. Hierdie stelreël is ook van toepassing op die klein nasie aan die suidpunt van Afrika. Dit het selfs betrekking op die nog kleiner groep, die Afrikaanse volk.

DIEN EN LEI

Hierdie volk kan alleen nog 'n toekoms hê indien dit beskik oor die groot aantal manne en vroue wat hul intellektuele vermoëns so hoog moontlik ontwikkel het. Dit is sulke mense wat die volk moet dien en lei.

'n Universiteit is 'n plek waar kennis beoefen en

bevorder word. Maar 'n universiteit wat hom slegs daarop toespits, sal nooit aan sy doel beantwoord nie, want blote kennis en niks meer nie, is eenvoudig 'n leë dop. In die omstandighede van vandag rus daar op die universiteit naas oordra van kennis ook nog ander take.

Die vernaamste is ongetwyfeld die vorming van 'n eie lewens- en wêreldbeskouing van studente—die universiteit moet spreek tot die gemoed van die mens. Die grootheid van 'n universiteit kom juis tot openbaring in die wyse waarop hy geestelike vorming en leiding verskaf.

Nou is dit so dat elke universiteit 'n grondslag het, maar dit beteken nie dat elke universiteit dieselfde grondslag sal hê nie. Daar is 'n verskeidenheid van grondslae. So is daar 'n suiwer humanistiese of ook 'n suiwer christelike grondslag.

BESONDERE

Die besondere van die P.U. is juis sy C.H.O.—sy christelike grondslag, wat nie ornamenteel of bykomstig is nie: dis 'n fondament waarop die universiteit berus, hom beroep en waarvolgens hy sy taak en roeping wil volvoer.

Hier wil studente gevorm word om 'n eie lewens- en wêreldbeskouing te ontdek, te formuleer en te fundeer—en dit in die volkslewe in te dra.

Mag die P.U. vir C.H.O. voortgaan om die vaandel van die christelike beskawing hoog te hou in die doolhoof van 'n vervlakkende wêreld; mag die studente hier steeds deurdrenk en beïnvloed word met die strewe van 'n christelike lewens- en wêreldbeskouing om so hul kragte aan land en volk te wy.

Mag studente van ons Alma Mater daardie kosbare beginsel nooit leeg by hulle verby laat gaan nie—want dan doen hulle dit skade aan.

(Vervolg van kolom 5)

muur van blindheid. U alleen kan my weer laat sien.

By Hom wat spreek en dit is en beveel en dit staan daar, is redding. „Gaan, jou geloof het jou gered.“ Jesus, heerlike Messias, en tog gekruisig!

TYD VERBY

Jesus gaan verby. Die tyd van genade en redding gaan verby.

Sal u, liewe leser, Jesus vandag laat verby gaan? Sal u elke geleentheid om Hom aan te roep laat verby gaan, totdat daar geen geleentheid meer is nie?

Nee, u sal nie, u durf nie. U mag Jesus nie verby laat gaan nie. Roep tot Hom! Kom tot Hom! Stort u hart voor Hom uit! In die skemer van ons sondeblindheid—hoe salig om te mag hoor: „My kind, Ek sal jou nooit verby gaan nie.“—HENK DENKEMA.

In A Lig

MARKUS 10 : 46-52: „En hulle het in Jérigo gekom. En toe Hy en Sy dissipels en 'n aansienlike skare uit Jérigo uitgaan, sit die blinde man, Bartiméüs, die seun van Timéüs, langs die pad en bedel.

„En toe hy hoor dat dit Jesus die Nasaréner was, begin hy om uit te roep en te sê: Seun van Dawid, Jesus, wees my barmhartig!

„En baie het hom bestraf, dat hy moet stilbly; maar hy het al harder uitgeroep: Seun van Dawid, wees my barmhartig!

„Toe gaan Jesus staan en sê dat hy geroep môes word; en hulle roep die blinde man en sê vir hom: Hou goeie moed, staan op! Hy roep jou.

„En hy gooi sy kleed af, staan op en kom na Jesus toe.

„En Jsus antwoord en sê vir hom: Wat wil jy hê moet ek vir jou doen? En die blinde man sê vir Hom: Rabboni, dat ek mag sien.

„En Jesus antwoord en sê vir hom: geloof het jou gered. En dadelik het hy gesien en Jesus op die pad gevolg.“

DIE EERSTE KWARTAAL van 1961 is reeds verby.

Weldra sal die tyd van eksamen aanbreek, en dan is nog 'n akademiese jaar op universiteit verby. En só gaan ons studiejaar verby . . .

Nog meer: Ook Jesus gaan verby! Op die pad van Jérigo na Jerusalem gaan Hy verby. Maar, en dit is die heerlike: Hy gaan Bartiméüs nie verby nie, en Bartiméüs laat Hom ook nie verby gaan nie.

O wonder van genade! Jesus het gekom om te red en te soek wat verlore is. As Bartiméüs in sy verloreheid na Hom roep, gaan Hy hom nie verby nie, ondanks die bestraffing van die skare. Nee, die Heiland gaan staan en sê dat die blinde man geroep moet word. Sal

Hy dan diegene wat na Hom roep, verby gaan?

OORGAWE

Bartiméüs laat die groot Dawid-seun ook nie verby gaan nie. Nôu is dit die oomblik waarna hy so gesmag het. Hy kom in volle oorgawe, gooi sy kleed af om nog viniger te kom. En dan stort hy sy swaar gemoed voor Jesus uit: „Rabboni, dat ek mag sien.“ My Meester, ek is blind. Tussen U en my is 'n

(Vervolg in kolom 3)

Afsonderlike Universiteite

MET DIE OPENING van die Bantoe Universiteitskollege van Turfloop, die Kleurlingkollege in Bellville en Zoeloeland se kollege in die suide verlede jaar, die Indiërkollege in Durban vanjaar en die bestaande Fort Hare is die beleid van afsonderlike ontwikkeling op die gebied van hoër onderwys deurgetrok.

Afsonderlike ontwikkeling behels twee dinge. Die eerste hiervan is afsonderlikheid. God, die Groot Skeidingmaker, het dit goed gevind om grense te stel tussen mense en groepe van mense. Waterdigte kompartemente kan en mag dit nooit wees nie. Om natuurlike andersheid, onderlinge groepsverbondenheid en volkstrou egter te probeer vernietig en te veroordeel, is om teen die beskikking van die Skepper in opstand te kom.

Die tweede kenmerk is juis ontwikkeling—volwaardige ontwikkeling wat aan elke groep volste geleentheid bied om sy eie aspirasies uit te lewe en 'n onbelemmerde bestaan te voer.

LEWENSBELANGRIK

Afsonderlike ontwikkeling is vir die inwoners van Suid-Afrika lewensbelangrik; van groter belang as die brandende vraagstuk van desegregasie in die Suidelike State van Noord-Amerika. Waar in Amerika in hoofsaak 'n maatskaplike patroon op die spel is, is in Suid-Afrika die voortbestaan en toekomstige ontwikkeling van verskeie volke op die spel.

Teen hierdie breë agtergrond van afsonderlike ontwikkeling moet S.A. se afsonderlike universiteite gesien word.

Die doel van afsonderlike universiteite is om die talle

nie-blanke volke met hulle eie nasionale universiteite te voorsien waar hulle na hul eie aard en kultuur hulle toekomstige leiers kan bekwaam; om hulle as groep en as individue tot volle reg te laat kom; en om die huidige Suid-Afrikaanse universiteite op die duur te beskerm teen ooroorweldiging deur nie-blankes.

EIENDOMLIKE

Die blanke is trots op sy eiendomlike en wil sy eie identiteit behou—soos mense oor die hele wêreld dit wil doen. Net so wil die blanke die Bantoe, die Bruinman en die Indiër volle geleentheid bied om sy eiendomlike en eie nasionale status te behou en uit te bou.

Onder hierdie omstandighede is dit die taak van die blanke student om die nie-blanke student en sy inrigting as kollega te aanvaar. Omdat 'n lang vestigingsperiode op die nie-blanke student wag en omdat sy inrigting uit die aard van die saak klein begin, is dit goed dat hy nie nou by Nusas of die A.S.B. kan inskakel nie.

Die dag sal egter kom dat hy bekwaam genoeg sal wees om 'n keuse te doen. Daarom is dit dan ook die taak van die A.S.B. en sy geaffilieerde takke om voorsiening te maak vir weë en geriewe waarbinne hy die nie-blanke student as kollega sal kan aanvaar op 'n grondslag van vaderlandsliefde en met behoud van die eie identiteit van elke groep.

Om hierdie rede moet die Bonde-beleid van die A.S.B. uitgebou word, want dit strook ten volle met die vestiging van afsonderlike universiteite en bied geleentheid vir die nie-blanke om as waardige kollega aanvaar te word.

ATOOMVERSNELLER IS GROOTSTE IN LAND

Die FISIKA-LABORATORIUM van die Puk besit tans die grootste atoomversneller van al die universiteite in Suid-Afrika, het prof. P. H. Stoker, hoof van die departement Fisika, in 'n onderhoud aan Die Wapad verklaar.

'n Cockcroft-Waton atoomversneller wat alles inbegrepe die Universiteit van Cambridge oorspronklik R80,000 gekos het, is deur die Fisika-departement teen 'n kleiner bedrag aangekoop.

Dr. M. Meyer, senior lektor van die departement, het toegesien by die verpakking van die versneller in Engeland en die 102 kiste het reeds 'n maand gelede hier aangekom. Die kiste word gestoor totdat die versnelergebou voltooi is.

DEELTJIES

Die versneller wat teoreties kan versnel tot 'n energie van 2 miljoen elektron volt sal tweeledig gebruik word. Eerstens sal nagraadse studente vertrou kan raak met kern fisiese apparaat en tweedens sal basiese navorsing hiermee gedoen kan word.

Rassevraagstuk Deeglik Bespreek

Die departement rasse-aangeleenthede van die plaaslike A.S.B.-tak het begin met 'n nuwe aksie waarvolgens aspekte van die rassevraagstuk op intensiewe wyse bespreek word.

Seminaar-groepe vergader van tyd tot tyd onder voorsitterskap van die direkteur vir rasse-aangeleenthede, mnr. D. A. S. Herbst, om vraagtukke te bestudeer.

Die doel daarvan is om studente deeglik te laat besin oor aktuele vraagstukke van die tyd.

AKTUEEL

Tydens die eerste seminaar het mnr. Eddie de Jager 'n referaat gelewer oor „Die ontwikkeling van die denke oor die begrip ras”. Lewendige en prikkelende bespreking het daarna gevolg.

Onderwerpe wat in die nabye toekoms aan die beurt sal kom, is „Nasionalisme en sy verskyningsvorme” (met die oog op die A.S.B.-kongres), „Die posisie van die Kleurling”, en „S.A. se internasionale regposisie met spesiale verwysing na S.W.A.”

KLEIN

Omdat die seminaar-groepe klein is, word persone wat dit graag wil bywoon gevra om met die direkteur vir rasse-aangeleenthede in verbinding te tree.

● Na verwagting sal al die referate wat gelewer word aan die einde van die jaar in afgerolde vorm beskikbaar gestel word.—(Eie berig.)

Serfies laat gehoor skater van die lag

Donderdagaand, die 21ste April, was 'n besondere aand op Ottosdal se plaaslike skou. Op uitnodiging het die Alabama Studente-orkes en Thalia Toneelvereniging voor 'n groot skare 'n puik program aangebied wat weer eens die Universiteit se naam hoog gehou het.

Ongelukkig het beide groepe in die opelug opgetree op die skou-arena sodat die gehoor party keer nie alles kon volg nie. Johan Serfontein het egter daarvoor vergoed deur die gehoor te laat skater van die lag terwyl hy as seremonie-

meester opgetree het.

„Die Diender en die Daggaboom”, wat deur 'n eerstejaarsgroep onder spelleiding van mej. Trudi Gey van Pittius aangebied is, het groot byval by die gehoor gehad.—(Eie berig.)

GEBOU

Die gebou wat tans in aanbou is, het R52,000 bedra by voltooiing. In hierdie gebou word ook voorsiening gemaak vir 'n lesingsaal en kantore vir die departement Statistiek wat tans in die Fisik laboratorium gestasioneer is.

By die voltooiing van die gebou teen die einde van Oktober, sal die versneller gemonteer word.

Prof. Fourie se Indrukke van Oeganda

PROF. I. J. VAN H. FOURIE, hoof van die departement Engels aan die P.U. vir C.H.O., het in Januarie 'n konferensie aan die Makarere Universiteit in Oeganda bygewoon.

Die konferensie is gehou deur die British Council, 'n organisasie vir kulturele en Onderwysake, en is bygewoon deur afgevaardigdes uit 23 lande. Daar was meestal verteenwoordigers uit Statebondslande en Afrikastate, asook waarnemers uit Egipte en raadgevers uit die V.S.A.

Die besprekings het gegaan oor Engels as 'n tweede taal.

LOUD-PUKKE

Saam met prof. Fourie was nog twee oud-Pukke, dr. J. L. du Plooy, inspekteur van skole in die Unie-Onderwysdepartement, en prof. J. L. Venter, voormalige hoof van Fort Hare en tans onderhoof van N.K.P.

Volgens prof. Fourie is die algemene standaard van onderwys laer as die van die Bantoe in die Unie. Dit kan grootliks toegeskryf word aan die tekort aan onderwysers, veral onderwysers in Engels. Engels het vir die betrokke lande onontbeerlik geword as taal vir hoër opleiding.

Prof. Fourie en sy makkers moes vir 14 dae op gelyke sosiale voet verkeer met alle rasse onder die son, volgens hom iets besonder.

NETTER

Die Bantoe kinders is oor die algemeen netter as die Bantoe kinders in Suid-Afrika. Ook die vroue in Oeganda het 'n netjiese eenvormige drag, afkomstig van vroeëre nonne. Dit is 'n lang rok, byna in Viktoriëaanse style.

Hoofartikels Word Uitgeruil

Die Wapad en Varsity, studentekoerant van Kaapstad, het besluit om hoofartikels uit te ruil.

'n Hoofartikel van Die Wapad wat betrekking het op tussenuniversitêre gebeure sal gereeld onveranderd in Varsity geplaas word terwyl 'n hoofartikel van Varsity voortaan gereeld in elke uitgawe van Die Wapad sal verskyn.

Die doel van die skema is om studente aan die twee universiteite insae te gee in die heersende denkrigtings van die twee inrigtings en om tussenuniversitêre kontak te bewerkstellig.

Die gedagte het by die redakteur van Die Wapad ontstaan en is geskoei op 'n soortgelyke uitruiling van hoofartikels tussen Die Burger en The Cape Times in Kaapstad. — (Eie Berig)



Prof. Fourie.

Engeland. Hy staan bo die Parlement en woon in 'n paleis. Sy politieke invloed is baie groot.

Tydens die konferensie is min gemerk van gevoelens van nie-blank teenoor blank. Daar is egter onderlinge gevoelens tussen die nie-blankes self. Die magtigste en hoogsonwikkelde stam is die Buganda. Hierdie stam vrees oorheersing deur ander en minder ontwikkelde stamme (by toekomstige onafhanklikheid.—(Eie berig.)

U VOLGENDE HAARSNY:

Kom na

POTCH. HAARKAPPERS

(Langs President Teater)

Kerkstraat 104

Noodsaaklikheid van 'n Oud-Studentebond

OP VERSKILLENDE PLEKKE in die Unie bestaan daar lank reeds liggame van Oud-Pukke. „Tog is gevoel dat daar meer en grootser samekomste gehou moet word, waarop demonstrasie gegee kan word van ons liefde vir ons Universiteit,” verklaar prof. S. P. v. d. Walt in die jongste Veteraan.

Die Oudstudentebond, waarvan jaarliks met gradedag gehou moet word.

Die Oudstudentebond, waarvan prof. Van der Walt voorsitter is, bestaan reeds, maar die 2,000 oudstudente het nog nooit die geleentheid gehad om 'n groot byeenkoms te hou nie weens verantwoordelike posisies wat hulle beklee.

Tydens gradedag in Mei 1936, is 'n vergadering van Oud-Pukke gehou waarop besluit is om 'n blad, Die Veteraan, uit te gee om te dien as skakel tussen oudstudente. Die gedagte is nou dat so 'n vergadering

TAKE VAN BOND

In sy artikel noem prof. Van der Walt die volgende belangrike sake i.v.m. die Bond:

Die Bond moet 'n taak hê: „In 'n wêreld wat druk besig is, moet jy nie maar somer saamkom om saam te kom nie.”

Elke veteraan moet voel dat sy Universiteit hom nodig het. Dit moet 'n verantwoordelike taak wees.

Verteenwoordigers van oudstudente by die Universiteit moet seker so geleentheid verkry om aan die oudstudente verslag te doen oor die doen en late en oor ideale wat bereik moet word teen dreigende gevare wat die wese van die Universiteit kan benadeel.

BANDE

Prof. Van der Walt soek bande van die Universiteit met oudstudente en oudstudente met Universiteit. Daar moet wedersydse agting en belangstelling wees.

Ten slotte verklaar die skrywer dat 'n band eers sterk sal wees wanneer „n storm sou opsteek oor die bestaan van die universiteit.”—(Eie berig.)

LUC AISSING

KLEREMAKER

Kerkstraat 82 Tel. 3249

POTCHEFSTROOM

Probeer ons eerste vir

AL U BOEKE, SKRYFBEHOEFTE EN ANDER BENODIGDHEDE

OPEN 'N REKENING BY

AJAX

Boeke en Skryfbehoeftes

KERKSTRAAT 159 TELEFOON 3458

ONDERSTEUN STAATMAKERS!

APTEKERS

J. P. VAN DER WALT

(EDMS.) BPK.

POTCHEFSTROOM SE MODERNSTE APTEEK

Kerkstraat 118 POTCHEFSTROOM Telefoon 929

„Aitsa!”

As die DAMES so sê moet jy weet die Jongheer koop sy klere by:

J. TOD SUTTIE

Kerkstraat 177 — Telefoon 1

POTCHEFSTROOM

Lettere en Wysbegeerte Aan Die P.U. vir C.H.O.

IN DIE FAKULTEIT Lettere en Wysbegeerte was daar verlede jaar 665 studente en 53 dosente.

In die fakulteit word tans onderrig gegee in die vakke Afrikaans-Nederlands, Bantoetale, Biblioteekkunde, Duits, Engels, Frans, Geskiedenis, Grieks, Latyn, Maatskaplike Sorg, Musiek, Regte Staatsleer, Semitiese tale, Sosiologie, Volkekunde en Natuurleedadministrasie en Wysbegeerte.

Vier dosente behartig die werk in die departement Afrikaans-Nederlands, waarvan prof. G. Dekker die hoof is. In die plek van prof. F. J. Labuschagne wat aan die einde van verlede jaar herbenoem is as emeritus professor, is dr. H. Venter as professor benoem.

BANTOETALE

Drie lektore is verantwoordelik vir die departement Bantoetale. In die departement word twee Bantoetale volledig onderrig: Tswana en Zoeloe. Klem word in hierdie departement veral gelê op die praktiese beheer van die tale. Vir hierdie doel beskik die departement oor al die nodige hulpmiddels: motorvoertuig, 'n band-opnemer, kampgereedskap, projektor en draaitafel. Ook die biblioteek van die departement is deeglik toegerus.

In die departement Biblioteekkunde word opleiding gegee aan studente vir die U.D.B., U.L.D.B., U.L.O.D., U.O.D. en B.Sc.

REBA KAFEE

NOU ONDER NUWE BESTUUR
(Vosloo en Croucamp)

Is u dors?

Koeldrank is die ding wat help!

Besoek ons vir:

★ BETER DIENS

Asook

★ SIGARETTE

★ LEKKERS

★ VLEISPASTEITJIES

Ons spesialiseer in alle Studentebenodigdhede

(Huis). Vanaf die begin van die jaar is 'n graadkursus in biblioteekkunde ingestel en studente word ook opgelei vir nagraadse studie.

DUITS

Prof. P. A. Brandt, hoof van die departement, en emeritus professor H. G. Schulze behartig al die werk in die departement Duits. Spesiale aandag word gewy aan skripsies, verhandelinge en proefskrifte en neem ook die metodiek van Duits vir die U.O.D. waar.

Na die dood van prof. R. E. Davies verlede jaar, is prof. I. J. van H. Fourie as hoof van die departement Engels aangestel. Drie voltydse lektore staan hom in sy werk by. Belangrike werk wat in hierdie departement gedoen word is die sg. „tutorials” waar spesiale aandag aan studente se probleme geskenk word.

NUWE DEPARTEMENTE

In September verlede jaar is oorgegaan tot die stigting van twee nuwe selfstandige departemente. Albei is afstigtinge van bestaande dubbel departement. Mnr. C. P. van der Walt is hoof van die departement Staatsleer. Mnr. G. J. Pienaar behartig Joernalistiek.

OORLEDE

Die hoof van die departement Sosiologie, prof. D. C. S. du Preez, is aan die begin van die jaar oorlede en ds. S. J. Eloff is hulp in die departement benoem.

Tien jaar gelede was hier slegs twee dosente en twee studente in die departement regte. Sedertdien het die departement egter baie uitgebrei en sedert 1950 het drie- en dertig studente die LL.B.-graad verwerf. Die twee dosente van 1951 het vermeerder tot ses voltydse en twee deeltydse dosente vanjaar.

Prof. H. L. Swanepoel, hoof van die departement verklaar dat die departement hopelik nog 'n volwaardige fakulteit sal word. Intussen dien dit egter dieselfde doel en bereik die dieselfde goeie resultate. „Ons strewe is dat die land ons produk sal verwelkom, nie noodwendig in veel groter getalle nie, maar in gehalte,” verklaar prof. Swanepoel.

P.U. Tien Jaar Oud

Met die oogop die tienjarige selfstandigheid van die P.U. vir C.H.O., wil Die Wapad graag op hierdie bladsy 'n beeld bied van die ontwikkeling binne die vyf fakulteite oor die afgelope tien jaar.

Die redaksie spreek sy dank uit teenoor die personele wat op baie kort kennisgewing bereid was om bydraes in die verband te lewer. — (Red., D.W.)

VANAAND KORPS

Mnr. A. Egan, voorsitter van die Rasionalistiese vereniging van die Witwatersrandse Universiteit, tree vanaand in die studentesaal tydens 'n programvergadering van Korps op.

Hy sal praat oor 'n liberale lewensbeskouing.—(Eie berig.)

Fenomenale Groei In Natuurwetenskappe

„DIE LABORATORIA SAL MOET uitgebrei word en so gou doenlik sal hieraan aandag gegee moet word. Daar is 'n behoefte aan 'n Fisiologie-laboratorium, en uitbreiding aan die Skeikunde- en Plantkunde laboratoria sal moet plaasvind.” Hierdie woorde is in 1949 deur die destydse rektor, prof. dr. F. Postma, gebesig met verwysing na die Fakulteit van Natuurwetenskappe.

In hoeverre hierdie woorde van Cockcroft-Walton versneller wat deur prof. Postma reeds vervul is, kan gesien word indien teruggekyk word op die groei en ontwikkeling wat daar in die afgelope tien jaar in die Fakulteit van Natuurwetenskappe was.

Die hoofvakke vir die Fakulteit van Natuurwetenskappe is Aardrykskunde, Chemie, Dierkunde, Farmasie, Fisika, Fisiologie, Geologie, Higiëne, Plantkunde, Sielkunde, Toegepaste Wiskunde, Wiskunde en Statistiek. Tot 1960 het die Fakulteit bestaan uit 12 departemente, wat egter in 1961 uitgebrei het tot 13 met die toevoeging van Higiëne as 'n afsonderlike departement.

LABORATORIA

Sedert 1950 is die volgende laboratoria reeds opgerig: 'n Laboratorium vir Fisika, Chemie, Plantkunde en Huishoudkunde. Die laboratoria is modern en goed toegerus maar ruimte ontbreek in die meeste gevalle reeds weens die snelle groei. 'n Aanvang is ook reeds gemaak met die oprigting van nuwe laboratoria vir Dierkunde, Sielkunde en Fisiologie. Benoemde die Fisika laboratorium vorder werk ook aan 'n gebou vir die

Kwaliteit?

Inderdaad, my

vriend!

BY

H. & H. JUWELIERS

KERKSTRAAT 129
TELEFOON 1031

Fakulteit Opvoedkunde -- Groei In Tien Jaar

—PROF. H. J. J. BINGLE

GEDURENDE DIE EERSTE dekade van die selfstandige bestaan van ons Universiteit het die Fakulteit Opvoedkunde 'n sterk afdeling van die werk behartig. Uit die aard van die saak gaan dit hier om studentonderwysers in hulle professionele voorbereiding vir diplomas of grade enersyds en opleiding vir nagraadse grade andersyds.

Onderwysdiplomas is in hierdie tydperk behaal deur 425 studente versprei oor die verskillende kursusse soos volg:

U.O.D. 288; U.L.O.D. 74; Diploma in Huishoudkunde 62; Diploma in Liggaamlike Opvoeding 1.

Eerste onderwysgrade is behaal deur 50 studente versprei oor die verskillende kursusse soos volg:

B.P. Ed. (Liggaamlike Opvoeding) 22; B.D. Ed. (Huishoudkunde) en B.Sc. (Huishoudkunde) (Onderwyskeuse) 28.

MUSIEK

Onderwysdiplomas in Musiek is behaal deur 26 studente versprei soos volg:

Diploma in Skoolmusiek 8; Potchefstroomse Universiteit Lisensiaat

in Musiek 18. Party van hierdie studente doseer musiek in skole terwyl ander as privaats musiekonderwyser/esse praktiseer.

Saam is daar dus gedurende die afgelope tien jaar 501 onderwysers afgelewer versprei oor al vyf die onderwysdepartemente van ons land en die van S.W.A. en Rhodesië.

Nagraadse opvoedkundegrade is verwerf soos volg:

B.Ed. 188; M.Ed. 55; D.Ed. 39. HOË POSTE

Onder hierdie graduandi tel daar 'n rektor, dekan, professore, lektore, skoolinspekteurs, skoolhoofde, assistente, predikante en persone wat die onderwys waarwel gesê het en in 'n verskeidenheid betrekkings staan van boer tot fabriekseienaar.

Uit die bostaande gegewens is dit duidelik dat benewens suiwer Opvoedkunde in hierdie Fakulteit ook vir diplomas en/of grade in Liggaamlike Opvoeding, Huishoudkunde en Musiek voorberei word.

In die loop van die tien jaar is die graad B.P. Ed. vervang deur die voorbereiding vir Liggaamlike Opvoeding in die B.A. en B.Sc.-kursusse, B.D. Ed. deur B.Sc. (Huishoudkunde) (Onderwyskeuse), die Onderwysdiploma in Musiek deur die P.U.L.M., en die Diploma in Liggaamlike Opvoeding het verval.

In 1951 was daar slegs twee professore in die suiwer Opvoedkunde werksaam: prof. J. Chr. Coetzee (Dekaan) en H. J. J. Bingle. Nadat prof. Coetzee ondervoorster van die Senaat geword het, het prof. Bingle in 1952 dekaan geword, en in die begin van 1953 is 'n bykomende professoraat in die Fakulteit ingestel en prof. J. J. Snyman is benoem. Toe prof. Coetzee aan die end van 1953 Rektor geword het en dus uit die Fakulteit getree het, is prof. B. C. Schutte begin 1954 in sy plek benoem.

PERSONEEL

Die personeel van die Fakulteit Opvoedkunde is nog nie op volle sterkte nie, en daar word gehoop dat die noodsaaklike vierde professoraat mettertyd ingestel sal word. Daarmee sal die nodige verdeling van kursusse vir middelbare skool- en laer skoolopleiding in die basiese vakke gemaak kan word en voorsiening vir kliniese werk moontlik word.

Hiermee hang ten nouste saam die huisvestingprobleem. Wanneer daar in al die behoeftes voorsien moet word, sal daar gewis 'n gebou met die nodige toerusting voorsien moet word. Die Universiteit kan in hierdie saak, soos trouens in alle gevalle, nie hoër vlieë as wat sy vlerke lank is nie.

Samevattend sou ek graag wil stel dat sonder twyfel tot die slotom gekom kan word dat die P.U. vir C.H.O. in die tien jaar van sy selfstandige bestaan deur sy Fakulteit Opvoedkunde beslis belangrike invloed in die Suid-Afrikaanse onderwyswêreld gehad het en selfs buite ons grense, want afgesien van die studente wat gelewer is vir die professie is belangrike navorsingswerk ten bate van die wetenskap Opvoedkunde gedoen. Hierby is nog nie in berekening gebring die bydrae van die professore op allerlei terreine van die maatskappy, kerk en volkslewe nie.

● Ons gaan die nuwe dekade—en die Republiek!—met goeie moed in want ons weet in Wie ons ons vertrou stel.

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

TOMSTRAAT 92

TELEFOON 1389

POTCHEFSTROOM

Rokmateriaal --

veral roklengtes

NOMOTTA-WOL

in voorraad

Ekonomiese Wetenskap Sedert 1951 -- Prof. D. J. Viljoen

DIE OPLEIDING VIR die grade B.Comm. en B.Econ. het gedurende die laat twintigerjare aan die Suid-Afrikaanse universiteite en universiteitskolleges ontstaan. Die Potchefstroomse Universiteitskollege het die B.Econ.-graad in 1928 in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte ingestel. Hierdie rigting het egter nie veel lewensvatbaarheid getoon nie.

Maar in 1939 is, veral op aandrang van proff. J. P. van der Merwe en L. J. du Plessis, miskien ook as gevolg van die Afrikaner se bewuswording op ekonomiese gebied, die B.Comm.-graad ingestel en 'n agttal studente het daarvoor ingeskrywe. Hierdie studierigting het meer lewensvatbaarheid getoon en in 1940 en 1941 moes die eerste twee nuwe benoemings gemaak word om die departement van Handel en Industriële Organisasie en Bestuur en die departement van Rekeningkunde en Ouditkunde te behartig.

In 1941 is die Fakulteit van Handel en Administrasie in die lewe geroep, en aan die end van daardie jaar het ook die eerste drie studente die B.Comm.-graad behaal. Gedurende die tydperk 1941 tot 1950 is 196 B.Comm., 4 B.Econ., 9 Honns.-B.Comm., 2 Honns.-B.Econ.-grade en 1 M.Econ.-graad toegeken.

Met selfstandigwording van die Universiteit in 1951 is 'n paar veranderinge in die Fakulteit aangebring. Eerstens is die naam van die Fakulteit verander na 'n meer verteenwoordigende naam, naamlik die Fakulteit van Ekonomiese Wetenskappe. Verder is die vakke Handel en Industriële Organisasie en Bestuur gekonsolideer tot een vak genoem Bedryfs- ekonomie. Ook is die B.Ekon.-kursus afgeskaf, maar 'n B.Comm. (Regte) ingestel.

VERANDERING

In 1953 is weer 'n paar belangrike veranderinge aangebring. Veral van belang is die besluit om vanaf 1953 ook na-uurse lesings vir die B.Comm. te gee. Uiteraard kan verwag word dat hierdie na-uurse afdeling nie baie groot sal word nie, want Potchefstroom se werkende blanke bevolking is nog klein. Die stadige maar bestendige groei van hierdie afdeling oor die afgelope agt jaar bewys egter dat dit in 'n behoefte voorsien. Heelwat studente van omliggende dorpe, veral Klerksdorp, woon ook die lesing by.

Om die vervoerprobleem van die studente van Klerksdorp en Stilfontein te verlig, het die Raad van die P.U. vanaf 1961 'n busdiens tussen Klerksdorp en Potchefstroom ingestel. Tans is daar ongeveer 70 na-uurse studente.

Verder is daar na onderhandeling met verteenwoordigers van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie besluit om in die leerplan van Bedryfs- ekonomie aansienlik voorsiening te maak vir die onderrig in koöperasiewese om sodoende te help voorsien in die groot behoefte aan opgeleide personeel in koöperasies.

Ook is besluit om in rotasie met die Universiteit Stellenbosch kort kursusse in Koperasieleer te hou. Hierdie kursusse is in die verlede goed bygewoon deur veral amptenare van die koöperasies.

BREËR TEORETIES

Die nagraadse opleiding in Ekonomie en Bedryfs- ekonomie is meer geïntegreer en die metode van onderrig is verander met die doel om die student 'n veel breër teoretiese opleiding te gee.

Melding moet ook gemaak word van die stigting van die Instituut vir Ekonomiese Navorsing in 1953. Mnr. A. J. E. Sorgdrager, wat oorspronk-

lik as navorser benoem is, moes ook die lesings in Kosteberekening waarneem.

In 1957 is die Honns.-B.Comm.-kursus in Kosteberekening ingestel om as voorbereiding te dien vir die professionele eksamen vir die C.W.A.-diploma. Ondervinding het getoon dat 'n aansienlike aantal studente, wat hierdie Honns.-graad afgelê het, hulle studie vir die meesters- en late doktorsgraad voorsit. Mettertyd is ook 'n Laer- en 'n Hoërsertifikaat in Kosteberekening ingestel vir diegene wat nie 'n B.Comm.-graad besit nie, maar tog 'n mate van kennis van kosteberekening en 'n paar aanverwante vakke wil opdoen.

Die departement Rekeningkunde en Ouditkunde het net soos die ander departemente groot vooruitgang getoon. Sy honneurskursus is in 1957 so gewysig dat dit 'n uitstekende voorbereiding bied vir die kwalifiserende eksamen vir die C.A.-diploma. Dit het meegebring dat 'n aansienlike aantal studente tans hierdie nagraadse kursus volg. Daar word ook voorsiening vir die hoër grade in hierdie rigting gemaak. 'n Kursus vir die Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde is ook ingestel.

Die studierigtings B.Comm. (Bedryfs- ekonomie) en B.Comm. (Statistiese Wiskunde) het eweneens vooruitgang getoon.

STATISTIEK

Die vooruitgang van die fakulteit blyk ook uit die volgende gegewens: Die fakulteit het in 1951 begin met 'n personeel van twee professore, twee senior lektore en twee lektore in die departemente Ekonomie, Bedryfs- ekonomie en Rekeningkunde, afgesien van die personeel van die ander fakulteite wat bepaalde ander vakke in die Fakulteit van Ekonomiese Wetenskappe behartig het. In 1960 was daar in die drie genoemde departemente drie professore, vier senior lektore, drie lektore, drie deeltids-tydelike dosente en 'n aantal senior studente wat hulp verleen.

In 1951 was daar 103 studente vir B.Comm., drie vir Honns.-B.Comm. en een vir M.Comm. Hulle het in 1960 vermeerder tot 244 vir B.Comm., 22 vir Honns.-B.Comm., 14 vir M.Comm., tien vir D.Comm. en agt vir die verskeie diplomas, altesaam 298.

Gedurende die 10 jaar vanaf 1951 tot 1960 is aan 301 studente die B.Comm., aan 46 die Honns.-B.Comm., aan 39 die M.Comm. en aan vier die D.Comm.-graad toegeken. Nagraadse opleiding het dus in hierdie tydperk 'n besonder belangrike plek ingeneem.

(Vervolg van kolom 5)
later tydstop weer 'n geleentheid gee; eksamens word deur die vakprofessor en 'n ander professor deur die Senaat en Raad benoem as eksterne eksaminator, afgeneem; sowel by tentamen as by eksamen word punte toegeken en albei word mondeliks afgeneem; in die geval van eenjarige vakke word die tentamen beskou as die eksamen en in die geval van drie- en vierjarige hoofvakke moet die kandidaat in elke vak wat aan die end van die derde of die vierde jaar respektiewelik afgeneem word, eers 'n tentamen aflê en daarna kan hy hom aanmeld vir eksamen.

BYBELSTUDIE

Met die invoering van Bybelstudie as 'n hoofvak vir die B.A.-graad het die teologiese professore die doseerwerk vir hulle rekening geneem. Die vak as sodanig het eintlik onder die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte geval, maar dit is toe oorgedra aan Teologie met die reëling dat die hoof van die departement Bybelstudie sitting sou hê op die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte en verder aangesien Bybelstudie ook 'n skoolvak is, die dekaan van die Fakulteit van Opvoedkunde op die Teologiese Fakulteit sitting sou neem.

Hierdie departement het so gegroei dat die hulp van dr. S. J. du Plessis en ds. A. L. Aucamp ingeroep moes word sodat hulle vandag saam met die teologiese professore die doseerwerk behartig. Die Raad het ook laas jaar een van die teologiese professore benoem as die vaste hoof van hierdie departement aangesien die driejaarlikse wisseling saam met die dekaanskap te nadelig was vir die departement.

In die afgelope tien jaar het die getalle van die studente wat vir Th.B., Th.M. en Th.D.-grade ingeskryf het, sterk vermeerder.

J. P. JOOSTE,
Waarnemende dekaan.

**Vir daardie hol gevoel
op die maag . . .**

Ons bak die
HEERLIKSTE

Vleispasteitjies

(EDMS.) BPK.

Kerkstraat 61 Potchefstroom

W. J. SPAVINS & SEUN

VIR

- ★ ELEKTRIESE REPARASIES en TOEBEHORE
- ★ ORNAMENTE
- ★ DRAKENGAS

KERKSTRAAT 101

TELEFOON 185

Teologiese Fakulteit:

GROEI GEDURENDE TIEN JAAR

TEN TYDE VAN SELFSTANDIGWORDING van die Universiteit was daar vier voltydse teologiese professore wat die volgende departemente behartig het:

Prof. S. du Toit: Ou Testamentiese vakke;

Prof. W. J. Snyman: Nuwe Testamentiese vakke;

Prof. J. P. Jooste: Kerkreg en Kerkgeskiedenis tesame met die Prakties-teologiese vakke;

Prof. P. J. S. de Klerk: Dogmatologiese vakke.

Hierby moet nog gevoeg word prof. J. H. Kroese wat belas was met Argeologie in deeltydse hoedanigheid.

In die afgelope tien jaar het daar egter heelwat verandering ingetree sodat daar vandag ses voltydse professore in die Teologie is.

NUWE LEERSTOEL

In 1952 is daar 'n vyfde leerstoel in hierdie Fakulteit ingestel nl. die van Apologetiek-Etiëk wat deur wyle prof. B. J. de Klerk gevul is en na Walt.

In 1958 is die moontlikheid oorweeg om 'n sesde leerstoel in te stel en hoewel in daardie jaar daartoe besluit is, is dit eers in 1959 gevul met die benoeming van prof. H. du Plessis. Hierdie leerstoel, die van Sendingvakke, het dit noodsaaklik gemaak om ernstige aandag te skenk aan die vakke vir die Th.B.-graad aangesien dit nie moontlik was om by die bestaande vakke vir die graad eenvoudig nog 'n paar by te voeg nie. Na rype beraad is besluit om keuse-vakke in te voer wat deur middel van A en B aangedui is. By

sy dood deur prof. S. P. van der as 'n kandidaat Sendinggeskiedenis A neem moet hy Kerkgeskiedenis B neem en so ook met Etiëk A en B of Sendingleer A en B.


In die loop van die jare is ook ernstige aandag geskenk aan die doseermetode in hierdie Fakulteit veral waar al die kandidate wat tot Teologie toegelaat word, reeds in besit is van 'n B.A.-graad. Met verlof van Senaat en Raad is die volgende doseermetode ingevoer: Professore laat na eie diskresie die metodes van lesings, diktate, referate en diskussie varieer; die werkopgawe (ingeslote bibliografie) vir elke vak word aan die begin van die kursus aan studente verstreëk en in die kolleges gaan die professore gewoon deur met hul werk en dek nie noodwendig die leerplan nie; professore sal in hul doseerwerk veral die groot lyne trek en leiding gee in verband met prinsipiële sake.

EKSAMEN

Die stelsel van afneem van eksamens is insgelyks verander om hierby aan te pas en kom kortliks hierop neer:

Daar word onderskei tussen tentamen en eksamen; in die geval van tentamen tree slegs die vakprofessor op en hy reël die tyd daarvoor; as die vakprofessor by 'n tentamen oortuig is dat die kennis onvoldoende is, word aan die kandidaat op 'n

(Vervolg in kolom 3)




Elke Sigaret 'n Meesterstuk

Die tegniese vaardigheid van die ou meesters en hulle strewe na die beste, leef voort in die vervaardiging van Rembrandt VAN RIJN sigarette. 'n Volmaakte pakkie sigarette is die saamgestelde resultaat van talle klein verbeterings. In Rembrandt VAN RIJN is hierdie doel verwesenlik. Dit is gemaak vir diegene wat liever rook vir genot as bloot uit gewoonte . . . en vir wie prys sekondêr is. As u 'n kieskeurige roker is, weet ons dat u meer genot uit VAN RIJN sal kry. Koop gerus nog vandag 'n pakkie VAN RIJN. Die wêreld se eerste lang sigaret met filtermondstuk . . . en die beste.

Rembrandt
VAN RIJN
FILTER DE LUXE

DIE WÊRELD SE EERSTE LANG SIGARET MET FILTERMONDSTUK
VRFA 57



„Ek het so lank gewag vir my graad dat ek hom nou maar self sal vang.”

Briewe van ons Lesers

Dank Aan Ons Tweedejaars

Geagte Redaksie,
Hoewel in 'n ietwat laat stadium is dit tog die behoefte van die hart om 'n bedanking te doen namens myself en die hele Studenteraad. So dikwels is ons maar geneig om dinge vanselfsprekend aan te neem asof dit nou maar moes gedoen gewees het en asof dit sonder moeite gepaard gegaan het.

In ons sakboekie by die datum 9 September staan die volgende aanhaling: „Goeie werk verdien 'n pluimpie. Moenie vergeet om dit te gee nie.”

Ons opregte dank aan die tweedejaars en by name mnr. Chris Putter en sy komitee wat verantwoordelik was—reeds verlede kwartaal—om vir die studente 'n uiters geslaagde pick-niek op die walle van die Vaalrivier te reël.

Elkeen van die tien lede van die komitee, nl. Chris Putter, Roelf du Plessis, Peet van Vuuren, Louis Taljaard en die dames Irene Rumpff, Hermien le Roux, Linda van der Smit, Greta Pieterse en Bets Coetzee verdien ons studentemassa se opregte dank vir die groot taak wat hulle op baie kort kennisgewing met die grootste sukses volvoer het.

Ek is daarvan oortuig dat alre studente die uitstappie terdeë geniet het.

Ons hartlike dank!—J. J. DE WET KRÜGER (S.R.-Voorsitter).

VERSKONING

Die redaksie wil verskoning vra aan Turkstra bakkerij dat die blok „Turkstra Bakkerij” weens onverklaarbare rede uit die advertensie op bladsy 7 gelaat is.—(Red., D.W.)

Dames!

PROTEA APTEEK

Spesialiseer in SKOONHEIDSMIDDELS:

- ★ HELENA RUBENSTEIN
- ★ Dr. PAYOT

KERKSTRAAT 86

Oud-Redakteur Skater van die Lag

Geagte Redakteur, — Vanoggend het ek die uitgawe van Die Wapad van 8 Maart 1961 ontvang. Die galgou-foto het my laat skater want ek kon my baie goed indink wat in daardie drel se gedagtes omgegaan het. Die arme kereeltjie.

Maar toe ek vir Okkie Kruger op bladsy 7 sien, dreigend, moordblasend, en die eerstejaars met hul beteuterheid, roep ek die so bekende cliché uit: „Segge!” En ek hoor in my verbeelding die protokoluitroep: „Ja ek meneer, van ganse harte, meneer” . . . Wonderlike dae gewees daardie.

Baie dankie vir die uitgawe. Ek waardeer dit omdat ek na al die jare nog so naby aan die ou Puk leef. Die Wapad se inhoud was interessant. Die foto's het almal stories vertel, maar daardie een van „Botterbul Junior” Rassie Smit is heelwaarskynlik 'n dekadende oud.—DANIE ERASMUS, S.A.U.K., Bloemfontein, 14 Maart 1961.

Van ons kant af baie dankie, Danie, vir die mooi woorde en belangstelling. Min dinge is vir 'n redaksie so aangenaam as briewe van bemoediging—veral ook om te weet dat oud-studente nog in ons gewoel en gewerskaf belangstel.

Omdat jyself redakteur van Die Wapad was (vir drie jaar?) sal jy verstaan dat die foto van Rassie Smit 'n dekadende of meer oud is as gevolg van finansiële probleme.

Hoewel die briefie meer persoonlik van aard as vir publikasie bedoel was, het ons tog die vrymoedigheid geneem om bostaande deel te plaas.—(Red., D.W.)

Dit Sal Eerste Kongres in Republiek Wees

Mnr. H. J. D. van der Walt het tydens die sitting van die Beleidsraad van die A.S.B. 'n besondere beroep gedoen op alle A.S.B. sentra om die aanstaande Kongres die grootste en 'n grootse monsterring ooit van Afrikanerstudente te maak.

Mnr. Van der Walt verklaar dat dit die eerste kongres in die Republiek Suid-Afrika sal wees en in hierdie opsig 'n historiese geleentheid.

Hy het voorts 'n hartlike welkomswoord gerig tot die Goudstadse Onderwyserskollege se toetredende tot die gelede van die A.S.B. en die hoop uitgespreek dat die kollege 'n vesting van die A.S.B. in die Goudstad sal word.

★ Die A.S.B.-kongres vind vanaf 15 tot 22 Julie in Bloemfontein plaas en altesaam 12 referate sal gelewer word rondom die begrip nasionalisme. — (Eie Berig)

BEGINSEL EN PRAKTYK

—PROF. S. P. v. d. WALT

„Predestinasie is die beginsel waarin die hele Reformasie verstaan kan word,” het prof. S. P. van der Walt, hoogleraar aan die Teologiese Skool, op Vrydagaand 17 Maart voor die eerste ledevergadering van Korps van die jaar, gesê.

Prof. Van der Walt het Korps toegesprek oor die onderwerp Beginsel en praktyk. Die uitverkiesingsbeginsel was verantwoordelik vir die lewenskrag en heroïsme van geloofshelde. Hierdeur het hulle genoeg staal in hul bloed gehad om met Gods hulp hul sake deur te veg.

BEGINSEL

Op grond van hierdie beginsel het spreker 'n paar gevolgtrekkings getrek met betrekking tot die praktyk. In sy wese is predestinasie die diepste beginsel waarop God die mens verkies en waarop die menslike lewe in vyf opsigte bepaal word.

Eerstens is die mens se lewe partikulier deurdat hy as individu deur God self op aarde geplaas is. Hierdie verkiesingsgedagte bring

Nasionale Universiteite

—PROF. J. H. COETZEE

Hoewel die redakteur my versoek het om te skryf oor die „prinsipiële grondslae van aparte universiteite”, verkies ek om die onderwerp te verander na nasionale universiteite.

Die redaksie van Die Wapad wil dit graag duidelik stel dat hy nie verantwoordelikheid aanvaar vir menings in die artikel nie. Die artikel is die persoonlike mening van prof. Coetzee. Terselfdertyd wil die redaksie prof. Coetzee bedank vir 'n gedagteprikkende artikel. — Red., D.W.

Dit lyk vir my na 'n positiewer benaming en al mag dit in ons land, waarin almal nie dieselfde verstaan onder die begrip nasionaal nie, ook nog aanleiding gee tot misverstand, kan die betekenis wat op die woord „apart” rus darem enigszins afgeskud word.

BESWAAR

Dit was trouens reeds my beswaartende tydens die eerste publikasie van die oorspronklike Wetontwerp op Afsonderlike Universiteitsopleiding. Die kommissie wat daarna aangestel is om te rapporteer oor genoemde wetsontwerp het blykbaar ook die probleem aangevoel en het aanbeveel dat dit sou heet Wet op Uitbreiding van Universiteitsopleiding, 1958.

Afgesien daarvan dat dit ontakvol was om met die oorspronklike benaming te kom onder omstandighede van spanning, agterdog en te verwagte teenkating, is wat bysaak of nuwe-produk moes wees eintlik verhef tot hoofsaak.

Soos ek dit begryp, moet die hoofsaak, prinsipiële gesien, tog wees om voorsiening te maak vir nasionale

Steuris by die musiekprogram

Geagte Redaksie, — Iets wat ons almal baie naby aan die hart lê, is die plateprogramme wat elke Sondag in die Studentesaal aangebied word.

Nou is daar egter iets wat my baie pla. Dit is die steurende lawaai in die jongste tyd by die programme. Mense wat laat kom, terwyl 'n plaat gedraai word, die gerondskuiwery wat die banke op die galery laat kraak en die ergste nog, die onderlinge geselsery en gegiggel, versteur werklik die atmosfeer baie.

Kan persone wat laat kom nie maar wag totdat 'n plaat klaar gespeel is, voordat hulle die saal binnekom nie?

Ons gaan almal daarheen om na die plate te luister en nie om te gaan sit en gesels nie. Laat ons almal mekaar in ag neem en so die verlangde stilte bewaar. Dit sal deur al ons musiek liefhebbers waardeer word. Baie dankie.—JAKKALS.

universiteitsgeriewe—soos die tweede benaming dan ook suggereer—vir 'n volk wat besig is om hom te ontruk aan sy kulturele en beskawingsagterlikheid.

BYSAAK

'n Belangrike bysaak en resultaat daarvan sou o.a. ook wees dat die universiteite onderrig dan ook oorewegend „afsonderlik” sou wees.

Psigologies beskou, het ons wetgewers miskien die aap uit die mou gelaat en onbewus uiting gegee aan 'n swaakteit in die algemene blanke kieser se primêre benadering van en houding tussen die Bantoes en ander nie-blankes, nl. die negatiewe houding oorsteur gewoonlik die werklik geregverdigde en positiewe motief van nasionale ontwikkeling, hoe hard daar in die parlement en elders ook al gepraat is oor die positiewe motiewe agter hierdie en ander wetgewing.

STANDPUNT

In die betiteling van die onderwerp het ek eintlik reeds 'n standpunt ingeneem ten gunste van die verkieslikheid van nasionale universiteite bo blote „aparte” universiteite. Die vraag is derhalwe of daar 'n saak uit te maak is vir die oprigting van nasionale universiteite, wat soos ek reeds erken het, uit die aard van die saak in sekere mate van afsondering inhou.

Is daar veral vandag nog 'n saak uit te maak vir sy nasionale inrigtings vir hoër onderwys en vir wetenskapsbeoefening? Alles dui tog eintlik op 'n groter ineen-skakeling van belange: grense verdwyn, afstand en tyd krimp; die inter-nasionale kontakte neem toe in omvang en intensiteit. Spreek die begeerte na interuniversitêre uitruil van studente en dosente nie juis van 'n behoefte in teenoorgestelde rigting nie? Moet die universiteit van die tweede helfte van die 20ste eeu nie letterlik weer 'n universitas in algemene sin word nie?

(Word vervolg)

V.C.O. se eerste Skool in Pretoria

Dr. K. S. van Wyk de Vries, voorsitter van die Vereniging vir Christelike Onderwys, het tydens die jaarkongres van die vereniging in Pretoria tydens die vakansie verklaar dat die eerste skool van die vereniging reeds aanstaande jaar in Pretoria geopen sal word.

Hy het verklaar dat die vereniging nog nooit enige deel van sy steun aan die staatskole teruggetrek het nie.

Die Adjunk-minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, mnr. John Vorster, het in 'n toespraak tydens die vergadering gesê dat die onderwys in enige land gekleur word deur die Staatsfilosofie van daardie land.

GRONDWET

Hy het na die aanhef van die nuwe Republikeinse Grondwet verwys as bewys van wat die Regering se beleid ten opsigte van die Christelike godsdiens is.

„Met die opstel daarvan het ons uiting probeer gee aan die rigting van die Staatsfilosofie in Suid-Afrika,” het hy gesê.

Prof. W. J. Snyman en dr. J. A. L. Taljaard is onderskeidelik herkies as ondervoorsitter en sekretaris van die vereniging. Die Studenteraad is op die vergadering verteenwoordig deur mnr. P. W. Bingle en D. A. S. Herbst.—(Eie berig.)

Tien jaar sport aan die P.U. vir C.H.O.

AS 'N MENS 'N TERUGBLIK werp op sport soos dit die afgelope tien jaar aan ons Universiteit beoefen is, dan is daar rede om trots te voel. Nie alleen is ons trots oor die prestasies wat op die verskillende terreine behaal is nie, maar veral omdat die beoefening van sport in die algemeen aan sy doel voldoen het, nl. as middel tot karaktervorming, tot fisiese en liggaamlike ontwikkeling en as middel tot ontspanning.

Die goeie sportmanne en sportvroue wat die Puk die afgelope tien jaar opgelewer het, was dan ook byna sonder uitsondering goeie studente en staan ook vandag hul plek vol in die samelewing.

Dis onmoontlik en ook nie nodig om 'n volledige oorsig te gee oor elke sportklub se geskiedenis die afgelope tien jaar nie; ons wil volstaan deur slegs enkele hoogtepunte aan te dui.

HOKKIE

Die gehalte van hokkie aan die P.U. is nog altyd hoog en in klub-



Selma van Schouwenburg.

sowel as in intervarsitywedstryde moet altyd deeglik met P.U.-spanne rekening gehou word.

Dames soos Selma van Schouwenburg, Jo Schoeman en Albertha Howell moet hier genoem word, terwyl onder die mans dit veral P. de Wet, H. Wiese, E. Meyer, P. van Wyk, B. Pithey en H. Dykstra wat uitgeblink het.

TENNIS

Die Tennisklub het ontwikkel tot een van die grootste sportklubs aan die Universiteit en bied dwarsdeur die jaar aangename ontspanning vir sowel studente as dosente. Die name van Dawie du Plessis, Andrew Makkink en Eddie de Jager sal altyd met die klub vereenselwig word.

KORFBAL

Die dames het hul knap gedra die afgelope tien jaar en altesaam 12 spelers vir Wes-Transvaal gelewer. 'n Groot struikelblok bly steeds die feit dat die Puk korfbal speel terwyl al die ander Universiteite netbal speel.

BOFBAL

Met die selfstandigwording van die Universiteit het bofbal sy intrede in die sportlewe van die studente gemaak. Faktore soos klein ledetal, vakansies en gebrek aan 'n goeie veld het die vooruitgang van die klub gestrem, dog die afgelope paar jaar het bofbal 'n gewilde sport aan die Universiteit geword en 'n hele paar spelers het al vir Wes-Transvaal opgedraf.

STOEI

As 'n mens aan stoei dink, dan dink jy veral aan drie persone, nl. Wynand Putter en Dokkies Coetzee, S.A. interuniversitêre stoekampioene, en Petrus Kruger, wat die stoeitoneel die afgelope aantal jare oorheers het. Die stoekklub het in 1954 die ou Boks- en Stoekklub vervang en kon nog altyd goed rekenskap gee van sy bestaan, dog in die laaste tyd dreig dit om dood te loop weens beserings en gebrek aan belangstelling. Onthou u nie dalk dog daardie rubberbal, Proppie Steyn, nie?

RUGBY

Ons nasionale sport is die afgelope dekade met groot sukses aan die P.U. vir C.H.O. beoefen. Veral in die eerste vyf of ses jaar na die selfstandigwording van die Universiteit was die Puk een van die toonaangewende Universiteitspanne in die land toe oorwinnings oor Tukkers, Wits en U.O.V.S. nie iets snaaks was nie.

OXFORD EN CAMBRIDGE

Die Puk het ook daarin geslaag om die sterk toerspan van Oxford en Cambridge te klop, terwyl die Maties slegs 'n naelskraap oorwinning oor die Pukke kon behaal.

Die jaar 1951 het ook die Puk se eerste Springbok opgelewer in die persoon van Basie van Wyk, oud-Theos kaptein.

In 1952 het Johan Claassen, latere Springbokkaptein en seker die beste Springbokslot ooit, vir die Puk op die veld gedraf. Ander spelers wat miskien ongelukkig was om nie hul land te verteenwoordig nie (miskien kom party se kanse nog ...) is ds. „Fires" van Vuuren, Dick Putter, C. Roelofse en Jan van der Schyff.

Stoney Steenkamp was onderkaptein van die S.A. Universiteitspan in 1956, terwyl ook J. C. Strydom en S. de Lange lede van die S.A.U.-spanne was. Verskeie Pukke het ook al vir die Noordelike Universiteite diens gedoen terwyl baie ook al hul provinsiale kleure verwerf het. Ek wens ek kon hul almal noem.

ATLETIEK

Nadat atletiek aan die beginjare maar gesukkel het, het daar die afgelope jaar of twee 'n herlewing gekom



Hannes Liebenberg.

en begin dit nou sy regmatige plek in die studentelewe inneem.

Springbokke soos Willie en Paul Nel en Willem van Heerden en S.A. kampioene soos J. Liebenberg, Alta de Kock en P. Botha het baie vir die sportsoort beteken. Ook dink ons aan manne soos As Burger, Ken Boonzaaier en die huidige Hentie Joubert en Jurg van der Walt.

Aan prof. D. P. J. Smith is Springbok-erekleure toegeken in atletiek—'n besondere eer wat hom te beurt geval het.

KRIEKET

Hierdie sportsoort het nog nooit juis wonderlike sukses gehad nie, wat deels te wyte is aan die feit dat daar al die afgelope tien jaar 'n tevergeefse vraag na beter geriewe opklink. In die jongste tyd het die klub nuwe oplewing getoon, soos hul vertoning verlede jaar in Kaapstad bewys. Bekende name hier is B. Firth, Ben Potgieter, Davis, Hessel Dykstra, Christie Coetzee en Barry Pithey.



Drie voormalige voetbalkapteins van die Puk. V.l.n.r. ver skyn Frans de Bruyn, Toy Dannhauser en Bussie Bothma.

JUKSKEI

Jukskei was vanaf 1951 reeds 'n gevestigde sportsoort en het in 1955 nuwe bane gekry veral a.g.v. die ywer van prof. D. J. van Rooy.

Jukskei het miskien gesorg vir een van die grootste prestasies van die Puk deur in die persoon van Anna Struwig die kapteine te lewer vir die Springbok damespan in 1956.

SWEM

Die P.U.-swemklub is in 1957 gestig en aanvanklik was die belangstelling groot. Daar het egter verflouing ingetree dog in die jongste tyd is daar nuwe lewe te bespeur. 'n Uitstaande gebeurtenis was die besoek van die Amerikaanse duikkampioen, mej. Ross.

TAFELTENNIS

Die klub is in 1957 gestig en het sedert sy intrede 'n volwaardige bestaan gevind onder die leiding van mnr. Johan van der Walt, Rossier de Ville en Faan Oosthuizen.

Verder word Judo en Pluimbal ook aan die P.U. beoefen terwyl Gimnastiek ook deur die studente o.l.v. mnr. Wynand Putter beoefen word.

• Dit blyk dus dat daar 'n groot verskeidenheid sportsoorte aan die P.U. beoefen word. Mag ons studente die voorbeeld van die verlede volg en ywerig ook aan hierdie sy van die studentelewe meedoen, en so vir hulleself kweek „'n gesonde gees in 'n gesonde liggaam".

Geleentheid Vir Hannes Els

Aan mnr. J. M. Els, M.A.-student in die departement Grieks, is 'n beurs wat die Raad beskikbaar stel vir nagraadse studie, toegeken. Mnr. Els hoop om aan die Vrije Universiteit, Amsterdam, te promoveer in D.Litt. in die departement Grieks met prof. De Vries as promotor.

Mnr. Els het reeds diep spore getrap op akademiese gebied. In 1959 behaal hy sy B.A.-graad met hoofvakke Grieks en Wysbegeerte met lof. In 1960 het hy die B.A.-Honn. met ewe goeie gevolg afgelê.

Ook op die terrein van die studentelewe het hy hom onderskei—hy het gedurende sy studentejare veel gedoen aan die handhawing en bevordering van 'n gesonde studentelewe; het op verskeie besture en liggame gedien en is vanjaar ook as verteenwoordiger van die A.S.B. op die Studenteraad. Hy is ook 'n belowende rugbyspeler.

Oor en op die Campus

Vriende, Romeine en Katrymanne, leen my julle ore!

Hier is ons nou weer almal saam na 'n lekker vakansietjie. Ek sê dit was 'n lekker vakansie omdat ons nou weer almal op datum is met die werk, en wonderlik voorbereid is vir die tydjie van probeer en fouteer wat voorlê.

Ook geen wonder dat 'n mens deesdae voor die biblioteek moet toustaan om plek te kry nie.

Wag! Netnou word ek dalk kwalik geneem vir die klomp snert wat ek hierbo verkoop. Laat ons dus nou liever afdaal tot 'n mens verheewe peil.

RONDRY EN RUGBY

Soos ek verstaan, was daar mos hierdie vakansie 22 ouens wat besluit het om rond te ry. Toevallig het party hulle rugby-uitrusting ook saam geneem en nou moet ek hoor dit was 'n rugbytoer.

Daar was so min van hulle wat iets van rugby af geweet het dat ons liever oor die ander dinge gesels.

Die eerste wedstryd was teen Ammazol. Ammazol lê op een of ander breedtegraad 36 myl noord van Postmasburg. Met dinamiet het die mense gate in die koppies geskiet. Toe hulle daarmee klaar was sien hulle dat daar mangaan in die gate lê en daarom is Ammazol vandag 'n groot mangaanmyn.

SETLAARS

Vandaar is die kêrels toe na Grahamstad, die setel van die 1820 Setlaars. Soos regte setlaars het die 22 man die plek ingevaar en dit was nie lank nie of baie was „gesettle", want daar is mos 'n Rhodes Universiteit.

O ja, hulle het daar ook 'n wedstryd gespeel. Hulle sê dit was teen Albanie.

Sommer skielik een Maandagoggend sit die manne toe af Oudtshoorn toe. Almal was gewapen met pynappels omdat daar baie pynappelbosse by Grahamstad staan.

Die bus het so baie geskud dat hulle glo op Oudtshoorn net pynappelkonfyt oor gehad het. Na die oordosis pynappels was daar ook nie n' tekort aan pyne nie.

GROTBEWONERS

Op Oudtshoorn het 22 helde die Kango-grotte gaan ontdek. As hierdie manne nou mense was, sou ek vas geglo het dat ons voorvaders grotbewoners was want daar was die spul nou regtig in hulle element. Ongelukkig was daar nie vir elke ou 'n grot nie, en moes almal maar deur dieselfde plekke beur. Soos ek verstaan, het dit glo stoot-en-trek gekos om van die groterige gevaartes deur die kleinerige gaatjies te help.

Ongelukkig vir die volstruis is daar op Oudtshoorn ook volstruisplase. Van grotkruipers verander die groep toe mos na volstruisjokkies. Ek kon nou vir julle die name gegee het van die jokkies wat probeer het om op die „volstreke" te ry, maar as julle hulle gesien het sou julle verstaan dat dit eerskending sou wees.

vir beide volstruis en ruiter.

Daar het hulle ook 'n wedstryd gespeel.

WILD GEWORD

Omdat daar op George ook 'n rugbyveld is, sit die he'e spul toe mos af soontoe. Die houtbosse wat die ouens daar omring het, het amper veroorsaak dat party van die goed weer wild geword het. Ek bedoel nou die toerlede.

Dit was vir die ouens verrassend om te ontdek dat stinkhout sy naam baie onwaardig is, en dat 'n mens nie aan hom ruik om hom te ken nie, maar na hom kyk. Die feit dat stinkhout dus meer kleur as geur het, het party laat besluit om selfs stinkhout-voorwerpies vir „rugbyweduwees" saam te bring.

Uiteindelik het die manne wat so lekker gekuier het weer op die Puk. aangeland na 'n lekker en interessante toer. Omdat ek so min van die „ball game" weet, laat ek bespreking van die rugby oor aan ander.

KYSTE SKRAAL

• Dit lyk vir my of die kyste deesdae so skaars is soos vrede in Kuba of Suid-Afrika in die Statebond. Nou so van Statebond gepraat: dit lyk of ons tans 'n goeie kans het om aan te sluit by C.O.B. (Commonwealth Old Boys).

Die kyste word seker maar net dig gehou uit vrees vir publikasie. Toemaar, al moet ek dan ook die slepers voorlê, ek sal hulle uitvind. Ek meen te sê: sulke speurwerk is in my bloed, want ek het 'n aangetroude kleinneef wie se broertjie juis nou vir speurder leer.

Haai, as ek so aanhou gesels sal nie een van julle betyds wees vir die lang tou voor die biblioteek nie ...

Intussen het ek darem verneem dat oud-S.R.-voorsitter, Hennie van der Walt, op 6 Mei afhak met Rita van der Wateren—ons hoop hy sal daar net sulke welslae behaal as in die studentelewe.

• Ons sit baie kee: en dink aan die baie tyd wat verlore gaan omdat ons so baie sit en dink. — ONZE OOM LOKOMOTIEF.

HEIDEMA

DIE ADRES VIR:

FIETSE
TIKMASJIENE
BROMFIETSE

Kerkstraat 48 Telefoon 364
POTCHEFSTROOM



Rugbytoer in alle opsigte 'n groot sukses

DIE RUGBYTOERSPAN het gedurende die Aprilvakansie 'n geslaagde toer deur Kaapland onderneem. Vier wedstryde is gespeel en hoewel net twee daarvan gewen is, is die waarde van die toer geleë in die mate van fiksheid en in die ondervinding wat die spelers opgedoen het.

Die eerste en laaste wedstryde, teen Ammosal in Griekwaland-Wes en teen George, het baie goeie rugby opgelewer. In die eerste wedstryd het die Pukke hul hande vol gehad met Kierietjies Roelofse, 'n oud-Puk en 'n sterk aanspraakmaker op Springbokklere. Die ligte pak voorspelers het hul swaarder teenstanders goed vasgehou en veral in die tweede helfte het die Pukke knaend in Ammosal se gebied geboer. Deurkomkans was daar egter nie en hulle oes die aftong blaas 3—11.

SPEEL SWAK

Teen Albany en teen Oudtshoorn het die Pukke swak gespeel. Die voorspelers was geneig om los te speel terwyl die agterlyn nie slaankrag gehad het nie. Ook is daar in albei wedstryde te dikwels en doelloos geskop.

weer vlamgevat, hoewel eers in die tweede helfte, en met 11—3 gewen.

Dis moeilik om uitblinkers in 'n span wie se sukses afhang van die mate waarin hulle as 'n span saam speel, uit te sonder. Tog kan nie nagelaat word om te noem die goeie vertonings wat deur die reserwes gelewer is nie. Veral Hannes Sauerman en Tamatie Boshoff het hul

nog in 'n gedugte kombinasie kan stemme dik gemaak om insluiting in die eerste span.

Die toer het geleer dat die Pukkies ontwikkel. Die voorspelers is lig dog beweeglik en klim in, terwyl die agterlyn tot groot dinge in staat kan wees, veral as die Thom-Van der Schyff kombinasie op senter weer oorneem, en as die skrumskakel eers sy voete kan vind.—(Eie berig.) sy voete kan vind.—(Sportred., D.W.)

Judomanne Vaar Puik

'n Baie geslaagde toernooi is op 27 Maart in die Totiussaal teen Landboukollege gehou. Hoewel die Pukke die onderspit gedelf het, is nogtans judo van 'n hoogstaande gehalte gelewer.

Chris Maritz (wat sy teenstander met twee valle teen nul geklop het) en Andre Greeff (gelykop) was die uitblinkers onder die Pukke.

Die span-kompetisie is ook deur Landboukollege gebuit.

Die afrigter van die Landbou-span was vol lof vir die wyse waarop die Pukke hul man gestaan het teen meer ervare manne.—(Eie berig.)

Die rugbytoerspan van die Universiteit het op hulle toer nie net rugby gespeel nie soos duidelik blyk uit hierdie foto.

Uitslae van Rugby Op 22 April

NAVY: Navy het gesukkel om Goldfields met 10—5 te klop. Die voorspelers het hulle ou kwaal om te los te speel herhaal en skrumskakel De Beer het swaar geleef. Tamatie Boshoff het op senter die beste van die agterspelers vertoon.

O/19: Die O/19A-span het hul goeie vertonings die seisoen voortgesit en die sterk span van Strathvaal met 13—0 geklop. Hulle het die wedstryd voel-voel afgesit, dog na rustyd het hulle vlam gevat. Die voorspelers was weer eens woelig terwyl die agterlyn, met Johan van der Schyff terug, nou vorm begin kry.

Die B-span het by tye mooi voetbal gespeel en hul teenstanders 11—0 geklop. Die C-span kon egter nie die mas opkom teen Klerksdorp nie en is met 33—0 die kous oor die kop huistoe gestuur.

4de Span: In 'n baie harde wedstryd kon Tekkies net-net daarin slaag om Fochville 6—5 te klop. Daantjie du Preez en Naas Raubenheimer was veral die uitblinkers.—(Eie berig.)

Blou Span Eet Stof Teen Die Pukke

IN DIE AFWESIGHEID van die meeste staatmakers aan albei kante, met Strathvaal effens swaarder getref, het die Pukke daarin geslaag om hul teenstanders Saterdag met 11—5 te klop. Die wedstryd as sodanig was nie juis 'n skouspel nie, dog albei spanne het by tye die bal lug gegee.

Die ligte voorhoede van die Pukke het swaar geleef teen hul veel swaarder teenstanders, dog hulle het enduit met mening gespoek. Dit het weer geblyk dat die Pukke se groot bate is hul vasberade jag op die los balle.

Die uitblinkers was H. B. van der Walt en Hannes Sauerman. Van der

Walt het vasberade genael en sy gedugte teenstaander Chris Botha goed dopgehou, terwyl Sauerman, na 'n onsekere begin, gaandeweg sy voete gevind het en teen die einde onverbetterlik gespeel het. Op die oomblik hou hy 'n groot gevaar in vir Schalk Hoogenboezem in op heelagter.

Atlete Vaar Goed

Met die verskuiwing van die twee interuniversitêre atletiekbyeenkomste, die Dalrymple- en die Mat Maree-byeenkoms, na Septembermaand, het die atletiekseisoen voorlopig ten einde geloop.

Ten spyte hiervan behoort die Pukke beter te vaar as enige vorige jaar aangesien hulle hierdie jaar oor beter atlete beskik, soos reeds bewys op die Suid-Transvaalse, Wes-Transvaalse en Vrystaatse kampioenskappe.

VAAR GOED

Die drie P.U. atlete wat Wes-Transvaal op die S.A. kampioenskappe op die Paarl verteenwoordig het, het almal daarin geslaag om plekke te verower.

In die 220-treë hekkies onder negentien, het Pietman Botha die lint gebreek met Johan van der Schyff kort op sy hakke. Van der Schyff was ook derde in die verspring O/19.

Jurg van der Walt het derde in die myl gekom. P. van der Linde, 'n P.O.K.-student wat ook op die P.U. ingeskryf is, het tweede in die 120 treë hekkies geëindig.

Hentie Joubert is ook verkies, maar moes hom van die kampioenskappe onttrek. Daar word uitgesien na sy vertonings oor die 440 treë volgende seisoen aangesien hy dit nog ver in die Suid-Afrikaanse atletiekwêreld behoort te bring.—(Eie berig.)

Plaat Eersdaags Verkrygbaar

Vir die Pukke is daar 'n oulike „souvenir" in die vooruitsig.

Mnr. Charlie Williams en 34 koorlede (van die P.U. Musiekvereniging is besig met die aanvoerwerk vir die vervaardiging van 'n plaat met ons eie studenteliedjies daarop.

As alles vlot verloop, sal die plaat gedurende die Julievakansie vrygestel word. Die hoeveelheid plate sal bepaal word deur die hoeveelheid studente wat plaaslik, of elders daarvan vooraf bestel. Tot dusver is nog geen bestellings geplaas nie.

STEFAANS GROVÉ

Die 14 liedjies, o.a. Puk-studente. Lustig ist das Zigeunerleben, Ingram, Opdraande Pad, Es steht eine Mühle, Going up to beat them, Kamerad, Gaudiamus Igitur en die Alma Mater, is georkestreer deur mnr. Stefaans Grové.

'n Gedeelte van die S.A.U.K.-Orkes word gehuur om die musiek te verskaf en mnr. Anton Hartman van die S.A.U.K. sal as dirigent optree.

'n Bekende Afrikaanse platemaatskappy sal die plate vervaardig.—(Eie berig.)

Gedruk deur Enslins, Potchefsroom, en uitgegee deur die P.U. vir C.H.O. Studenteraad.



Carl Grundlingh wat die Pukke aangevoer het.

teen die einde verkies het om te skop in plaas van die bal te laat loop.

NAVY

Die tweede span het Saterdag gelykop gespeel teen Strathvaal met ses punte elk. Die wedstryd is ontstier deurdat die Strathvaalse loskakel gedurig die voet ingelê het. Die Pukke het bloedweinig van die bal gesien uit die skrum en die lynstane, dog in die los was hulle een te veel vir hulle teenstanders. Teen die einde het Navy sterk aangeval, dog kon net nie die wenpunte kry nie.

FIRES

In 'n wedstryd wat by tye mooi voetbal opgelewer het, het Fires met 13—3 oor Strathvaal geseëvier.

TEKKIES

Ten spyte van die aanwesigheid van manne soos De Wet Kruger en Anie van Wyk het Normaal IV nog daarin geslaag om Tekkies te klop met 9—5.

O/19

Die kuikens het hul reeks oorwinings van die seisoen voortgesit deur Klerksdorp 12—0 te klop; dit het ten spyte van die feit dat ses van hul spelers vir Wes-Transvaal diens gedoen het.


Ses Dames In Hokkieproewe

Ses dames van Puk is na afloop van 'n voorlopige proefwedstryd gekies om op 13 Mei aan die finale proewe vir die kies van 'n Wes-Transvaalse span deel te neem. Hulle is A. Howell, J. Venter, A. Viljoen, M. Bruyns, M. Bingle en B. Sphör. Altesaam 44 dames sal aan die proewe deelneem.—(Eie berig.)

Dis nou vir jou lewe, hoor!... en DIS VIR JOU BIER!

Gawe geselskap, geurige kos en koue Castle!

As daar te kies en te keur op die tafel is en 'n man jou eerste watertand-lekker hap neem — is koue Castle dubbel welkom. Heerlike, skuimkoue Castle is geurrik aan smaak en kragryk aan goeie, gesonde bestanddele, daarby pas dit by iedere geleentheid. Geniet Castle — die keurbier vir louter plesier — in kannetjies of bottels.



SUID-AFRIKA SE UITSOEKBIER